Vyf Definitiewe Identifikasies Van Die Ware Kerk Van Die Lewende God

Dankie, Broer Neville, Here seën jou. Dit is sekerlik 'n voorreg om hier te wees vanaand, ek is so bly God het ons toegelaat om dit te doen. Ek is 'n bietjie sku vir kameras. Ek wil . . . Gaan voort, neem hulle. Dis goed. Ek sal hulle net dophou. Ek's bewus van hulle. En dis goed. Dis goed. Nou, dis nogal warm. Ons het twee geweldige boodskappe van die Here gehad. En nou het ek gedink, vanaand, siende dat . . .

2 Baie van my vriende is hier wat lang ente moet ry, party van hulle van ver onder in Kentucky. Sien Broer Welch Evans en sy familie hier van Tifton, Georgia. Ek het mense hier buite ontmoet van Kalifornië. Hier's sommige hier van Duitsland en verskillende plekke, wat inkom na hierdie een klein plekkie, om die Here te dien. En ek sien Suster Nellie Cox. Ek glo dat haar skoonma en hulle is hier. Wat, miskien baie myle sal teruggaan vanaand in Kentucky, Georgia, onder in Tennessee in, bo in Ohio in, my vriende hier. Een vriend hier, Broer Ted Dudley, al die pad van Phoenix, Arizona. Daar's baie van hulle hier, andere, as ek net hulle name kon noem, wat hiernatoe gekom het om ons te besoek vandag. Negentig persent van hulle het ek nie eens aan hulle hand geraak nie. Ek sien my vriende van Chicago, en net van oral oor. Hoeveel mense is hierbinne van buite die dorp, steek julle hande op. Negentig persent van die gehoor, nou, dis opgemaak van verskillende vriende van verskillende kerke van rondom oor die land.

3 En ek het 'n lang tyd gepreek vanmôre, gebid vir die siekes tot een—dertig, so ek het net 'n klein bietjie hees geraak. En ek moet 'n klein tydjie preek totdat ek soort van in, wat ons noem, tweede rat kom, vooraf.

4 Daar's Broer Lee Vayle, ek het net omtrent sy hande geskud, een van my medewerkers; Baptiste kerk, Ohio.

5 Is dit jy, Ben? [Broer Ben Bryant sê: "Amen."—Red.] Ek het jou nog nie "amen" hoor sê nie, of ek sou jou geken het. Almal ken Broer Ben. En ek weet hy's van buite die dorp, so ek weet net nie . . . Van waar is jy nou, Broer Ben? ["Wel, ons is bo by Noord Borden, Indiana, broer."] Borden, Indiana.

6 Ons is so bly om elkeen hier te hê. En nou gaan ek julle nie baie lank hou nie, as gevolg van die verskriklike myle wat julle

moet ry. Wens ek kon elkeen van julle saam met my huis toe neem vanaand. Ek bedoel dit regtig. Moet omtrent drie vertrek, tussen drie—en vier—uur in die môre, en ek—ek wens ek kon julle saamneem. Ek sien my vriend hier van Arkansas, sy vrou. Is jy nie die man wat ons was . . . die Here mee gepraat het en hierdie dinge vertel het hierbinne, nou die aand nie? Ek het gedink jy was. Net soos ek rondkyk, sien jy ou en nuwe vriende. So, God ken die bedoelinge van my hart, dat ek julle graag sal wil sien, en julle huis toe neem en 'n goeie geselsie hê. Maar eendag sal ons dit doen, Waar ons nie sal hoef te sê: "Ons moet opskud. Moet die kinders gaan oplaai. Iemand is siek," nie. Dit sal dan alles verby wees, daardie groot Dag. Ek hoop ons ontmoet nog baie keer.

7 Nou, dis my bedoeling, terwyl ek nou wag op die Here, om my rigting te vind. Nou, Dinsdag, gaan ek gebed nodig hê meer as wat ek dit ooit in my lewe nodig gehad het. Ek gaan vir julle vra of julle vir my sal bid. [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Ek— ek sal julle gebede nodig hê. Maak seker om vir my te bid. Die kant wat die wind draai, Dinsdag, mag 'n groot ding beteken vir my, en aan die Kerk en aan die saak van Christus. So maak seker om vir my te bid.

8 Nou, dan, totdat ek net vind watter rigting om te gaan en wat om te doen, wag ek op die Here. Gedurende daardie tyd, sal ek hier rondom die tabernakel wees, in en uit, aan die preek, bid vir die siekes, enigiets doen wat ek kan doen. Ons wil, eendag, as die regering ons nie stop nie, wil ons 'n kerk hier bou, 'n mooi kerk waar ons sitplek kan hê, 'n hoofvloer, en balkon, ensovoorts, sodat dit 'n baie aangename kerk sal wees, lugversorgd, sodat die mense in gemak kan sit, na die dienste luister, as hulle ons sal toelaat om dit te doen. Ons hoop so. Nou, bid vir ons.

9 En nou, vanaand, gaan ons die onderwerp nader wat ek beloof het, vanmôre, as die Here wil, om oor te praat, vanaand. En dit gaan wees, min of meer, onderrigting, as gevolg van die stem. Ek wil praat, vanaand, oor: *Vyf Definitiewe Identifikasies Van Die Ware Kerk Van Die Lewende God*. Vyf definitiewe bevestigings van die ware Kerk, of identifikasies, liewer, van die ware Kerk!

10 Nou, voor ons hierdie groot en magtige onderwerp nader, gaan ek vra vir 'n woord van gebed. Ek gaan ons pastoor, Broer Neville vra, of hy kan vorentoe kom en gebed doen oor die Woord van God. Terwyl ons blaai, almal van ons, na Matthéüs, die 16de hoofstuk, die 18de vers, om mee te begin, Matthéüs 16:18, terwyl Broer Neville vorentoe kom vir die gebed van vertroosting.

[Broer Orman Neville bid die volgende gebed—Red.]

["Ons Hemelse Vader, ons is dankbaar hiervoor vanaand, nog 'n voorreg en geleentheid wat ons gegun is, deur U groot, ewigdurende genade. Ons is dankbaar vanaand vir die ruk en die trek, en die leierskap van die Heilige Gees. Ons waardeer, ons

God, dat U daardie God is wat afgekom het om in ons te wees en met ons te wees, tot die einde van hierdie wêreld."] Ja.

["Vader, die groot probleme en die beproewinge van môre sal soos niks lyk solank as ons in staat is om aan U hand vas te hou en deur te loop saam met U nie."] Waarlik, Here. ["Ons bid, Here, dat U ons 'n diepgewortelde deernis sal gee, een vir die ander, met die wete dat terwyl een in die diepste van beproewing is, en die hardste van toetsing, dat ons, ook, een van hierdie dae, deur soortgelyke omstandighede sal gaan. God, gee ons die Gees van Jesus in ons, totdat ons voel vir mekaar, genoeg, totdat daar eenheid tussen ons sal wees, totdat ons U kan dien, tesame."] Ja.

["Vader, ons dank U, vanaand, hiervoor, nog 'n, 'n voorreg wat aan ons geskenk is, om in staat te wees om te sit onder die lering van U dienaar, wat U verordineer het, wie U uitverkies het tot hierdie posisie."] Dank U. ["Wat U geskik geag het om ons toe te laat om die voorreg te hê om in, onder die einste voordele van hierdie bediening te wees. Seën hom en ons, albei, met die . . . met hierdie bediening wat hy op hom het."] Skenk dit. Ja.

["Vader, ons bid dat soos hierdie dae wat aankom in hierdie komende week, wanneer ons ons op U nou sou beroep in hierdie bemiddelende manier, en in ons harte sou sê, dat: 'God, sedert U ons vertel het dat watter dinge ons ook al sê, dit so sal wees soos ons dit gespreek het, as ons U net sal glo en vertrou en gehoorsaam.' Daarom, Here, hierdie komende dae wat die toets op my broer sal wees, en ons broer, en U dienaar. O God, ons vertrou hom toe aan U, ryklik, in die Naam van die Here Jesus, en bid dat U hom sal omring met 'n Hemelse beskerming en seëning wat hy nooit tevore geken het nie."] Skenk dit, Here. Doen dit, Here.

["My God, ons bid dat U elke intellektuele mag wat sal opkom sal onderdruk, wat sal probeer ompraat of probeer om weg te draai."] Skenk dit, Here. ["Mag sy mond oop wees met woorde van wysheid wanneer daar 'n geleentheid is om te praat."] Ja, Here. ["O Here, ons dank U, ons God, dat U 'n voorsiening gemaak het vir al U dienaars, deur die eeue."] Ja. ["En die Heilige Gees was genoegsaam om die—die mondelinge redevoering te voorsien wat kon staan in die teenwoordigheid van geleerde en intelligente manne."] Ja, Here.

["Ons vra U, ons Vader, om ons nederig en sag te laat wandel, en voor U, O Here Jesus. Laat ons net U wil doen en U Teenwoordigheid voel. Wees nou met ons. En, O God, ons bid dat U lof in ons sal vervolmaak, totdat dit sal voortkom, nie geforseerd nie, maar lofprysinge sal voortkom van ons, met salwing."] O God!

["O, my Here, vanaand, handel hierdie wonderlike dag af waarin U gekom het en die siekes gesond gemaak het, en die verlorenes gered het, en met ons was, om die harte van die

onreines te reinig."] Ja! . . . ? . . . ["Nou, Here, neem vanaand oor, in hierdie diens, en seën ons broer se keel. En seën die Woord soos Dit voortvloei. Mag ons ontvanklike harte en gedagtes hê. En, O God, ontvang nou ons lof daarvoor, in Jesus se Naam. Amen en Amen."] Amen.

11 Het daardie al die volume? Julle sal julle s'n afhaal die . . . ? . . . Dis al? [Iemand sê: "Dis goed."—Red.] Is hierdie die mikrofoon, die regte mikrofoon? ["Albei van hulle."] Kan julle my goed hoor? Agter in die agterkant, kan julle my hoor? ["Amen."] Goed. Gaaf.

12 Ek wil nou graag uit die Boek van Matthéüs lees, 16de hoofstuk en die 18de vers. Ek sal begin by die 17de vers.

> *Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar—Jona, . . . vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemel is.*
>
> *. . . Ek sê . . . vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.*

13 Mag God Sy seëninge byvoeg by Sy Woord. Die woord *Kerk*, oor elkeen van hierdie onderwerpe wat ek vanaand gekies het, om met julle oor te probeer praat, een daarvan is: Wat is die Kerk? Wie het Dit tot stand gebring? Wat is Sy Boodskap? Hoe word ons 'n lid Daarvan? En kan ons Hemel toe gaan sonder om 'n lid Daarvan te wees?

Nou, elkeen van daardie tekste kan vir ure duur, oor en weer deursoek. Maar ek wil graag net 'n paar fundamentele punte raak, om te wys wat die ware Kerk is. En, nou, ek wil hê julle moet julle Bybels hê.

14 Nou, die eerste plek, die woord *Kerk*, Sigself, beteken: "die Uitgeroepenes."

Nou, Israel was nie die *kerk* van God solank hulle in Egipte was nie. Hulle was die *volk* van God. En toe toe God hulle uit Egipte uitgeroep het, het hulle die *kerk* van God geword, want hulle was "die uitgeroepenes."

Nou, dit bly steeds vandag dieselfde. Die woord *Kerk* beteken "die Uitgeroepenes," hulle wat uitgeroep is, afgesonder, anders gemaak.

15 Nou, in die Ou Testament, is die bekende Kerk "die Koninkryk van God," genoem. God se Koninkryk. Nou, ek neem hierdie uit kronologie van die Bybel. Die Ou Testament, is die Kerk genoem "die Koninkryk van God." Met ander woorde, God is 'n Koning, en die Kerk is Sy domein. "God se Koninkryk," Ou Testament.

16 In die Nuwe Testament, word Dit genoem "die Messiaanse Ryk." O, ek hou daarvan, Messiaanse. Met ander woorde: "die Messias se Ryk," waar die Messias heers en regeer. Geen

denominasionele skeidslyne of niks nie, die Messias heers in Sy Ryk. Is dit nie wonderlike gedagtes nie? Messiaanse Ryk. Daarom, die Kerk is nie 'n organisasie nie, die Kerk is nie 'n vergadering van mense nie. Die Kerk is die mense van God, wat uitgeroep is uit die wêreld, om in 'n ander Koninkryk te dien.

17 Dit kan aangehaal word. 'n Paar maande gelede, het ek en my vrou na die winkelsentrum gegaan. En ons het 'n vreemde ding gevind, daar was 'n vrou op die straat, wat 'n romp aangehad het. Ag, julle sou dit nie glo nie, maar ons het regtig een gevind. En die vrou het vir my gesê: "Wel, kyk daarna."

18 Ek het gesê: "Sy moet 'n Christen wees. Sy's soveel anders." Dis 'n skande.

19 Toe het die vraag opgekom: "Hoekom is dit, Bill, dat ons, as Christene, en hierdie Geloof waarin ons glo, hoekom is dit dat ons ons vroue verplig om rokke te dra, op so 'n manier op te tree? Maak mense van ander kerke nie so nie? Hulle dra klere soos daardie, die onsedelike klere, en hoekom is dit? Jy kon nie sê hulle is onsedelik nie."

20 Ek het gesê: "Dit is waar. Ek kan niemand oordeel nie. Maar, om hulle te sien: 'Aan hulle vrugte word hulle geken.' Hulle mag miskien nie werklik die misdaad pleeg nie, maar op hulle is 'n gees wat hulle dryf na onsedelikheid."

21 Nou, Jesus het gesê: "Wie ook al na 'n vrou kyk om haar te begeer, het alreeds owerspel in sy hart met haar gepleeg." Nou, wanneer daardie sondaar moet antwoord vir owerspel pleeg, wie sal die skuldige een wees? Die vrou wat haarself voorgestel het. Jy mag so suiwer soos 'n lelie wees, so ver dit deug betref. Maar as jy jouself voorgestel het voor die mense, op 'n onsedelike manier, hoewel jy onskuldig is aan die daad, het jy veroorsaak dat 'n man onsedelik dink aan jou, wanneer dit jou fout is. Jesus het gesê jy sal skuldig wees van "owerspel pleeg." En: "'n Owerspeelster sal nooit in die Hemel ingaan nie."

22 Maar, soos ek om die wêreld reis, vind ek elke volk het sy eie gees. En alle volke word beheer deur die Duiwel. Alle regerings word regeer deur die Duiwel. Die Bybel het so gesê. Hulle veg, hulle maak oorlog, en hulle sal tot Jesus kom. En dan sal Hy 'n Koninkryk tot stand bring waar daar geen oorlog sal wees nie. Maar Satan het gesê al die koninkryke van die wêreld was syne, en hy sou met hulle maak wat hy ook al wou, reg in die gesig van Jesus Christus. En hulle is almal Satan se instrumente, Satan se koninkryke. Satan het vir Jesus gesê: "Ek sal hulle vir U gee, as U neerval en my aanbid."

23 Jesus het geweet Hy sou hulle beërf, in die Millennium, so Hy het gesê: "Gaan weg, Satan." Hy het geweet dat God Hom al die koninkryke sou gee, en hulle sou Syne wees, en hulle sou almal een Koninkryk wees.

24 Wanneer jy in Duitsland ingaan, vind jy 'n Duitse gees. Gaan jy in Engeland in, vind jy 'n Engelse gees. Gaan jy in Swede in, vind jy 'n Sweedse gees. Gaan jy in Frankryk in, vind jy 'n Franse gees. Kom jy in Amerika in, vind jy Amerikaanse gees.

25 Ek het gestop by San Angelo, by Rome, 'n tyd gelede, en wou die katakombe sien. En tot my verbasing, en as 'n teregwysing, as 'n Amerikaner, wat gestaan het voor die katakombe hek waar jy ingegaan het, gesê: "Aan die Amerikaanse vroue: trek asseblief klere aan en eer die dooies voor julle hier ingaan." Wanneer 'n volk so laag daal, is dit verskriklik, wanneer ons so 'n punt bereik. So julle sien, omdat . . .

Ek het 'n vrou eenkeer gevra: "Is jy 'n Christen?"

26 Sy het gesê: "Ek's 'n Amerikaner. Natuurlik, is ek." Dit het niks daarmee te doen nie.

27 Broer Bosworth het een gevra, een aand, gesê: "Is jy 'n Christen, suster?"

28 Gesê: "Ek sal jou laat weet, ek brand 'n kers elke aand." Asof dit enigiets te doen het met Christelikheid, om 'n kers te brand. Christelikheid bestaan nie uit sulke dinge soos daardie nie. En die Kerk van God bestaan nie uit so 'n opset soos daardie nie.

29 Nou, wat maak die vroue . . . Ons dwing nooit daardie vroue om dit te doen nie. Ons dwing nooit ons mans om nie te drink, nie te vloek nie. Ons preek net die Evangelie, en lê die patroon van die Bybel neer. Baie mans wat na die Pinkster gelowe kom en heiligheidsgelowe, kom in en bely om te wees, wanneer hulle nie is, in hulle hart nie. Baie vroue doen dieselfde ding. Ons sê nie vir hulle hulle moet dit doen nie. Ons gee net vir hulle die patroon. Vertel hulle wat die Bybel sê, en as hulle gebore word uit 'n Hemelse Gees, dan is hulle gees nie meer Amerikaansgerig nie, dis nie meer Duitsgerig nie. Dis Hemelwaarts gerig, waar, die Koninkryk van God. Want, ons is in 'n ander Koninkryk, 'n Koninkryk van God, waar fatsoenlikheid, heiligheid en krag bestaan.

30 Ons het toegang tot ons Koning. Ons het 'n onderhoud met Hom wanneer ons ons ook al op Hom wil beroep. Ons het geen ander middelaars nie, geen ander middelaar tussen ons en die Koning nie, behalwe daardie een Man, Christus Jesus. So ons lewe in 'n Koninkryk. En Dit word genoem, in die kronologie van die Bybel: "die Messiaanse, Messiaanse Koninkryk." Met ander woorde, waar die Messias heers in elke lewe in Sy domein, die lewens van Sy mense regeer, 'n uitgeroepte volk uit elke lewenswandel, hulle saam vergader in 'n groep, en Dit: "Sy Kerk" noem, of "Sy Uitgeroepenes." Is dit nie 'n pragtige ding nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

31 Nou, Israel was die *volk* totdat (ons vind in Handelinge 7:38, as julle dit neerskryf) dat hulle toe genoem was die *kerk* van God, omdat hulle geroep was deur God, uit Egipte uit, uit die wêreld

uit, weg uit ander kerke uit, weg uit ander godsdienste, om met God alleen te wandel.

32 En, nou, die Kerk van God is vandag dieselfde ding, uitgeroep uit alles van die wêreld, uitgeroep uit elke godsdienstige sekte, uitgeroep uit elke godsdienstige denominasie, uitgeroep uit elke godsdienstige organisasie, om met God te wandel. Nie geregeer deur 'n biskop nie, maar geregeer deur Christus, in hierdie Messiaanse Koninkryk waarin ons lewe. Christus is die Koning. Christus is die Een.

33 Nou, Christus is die Hoof hiervan. Christus is die Hoof van hierdie Messiaanse Koninkryk. En jy kan nie 'n Koninkryk organiseer waarvan Christus die Hoof is nie. Jy kan nie 'n Koninkryk denomineer waarvan Christus die Hoof is nie. Want, Christus is Koning, en jy kan nie die intellek van 'n mens neem en 'n organisasie maak wat Christus sal regeer nie. Daarom, enige maatskappye, enige mense, enige groepe mans, wat die Koninkryk van God probeer organiseer, tree teenstrydig met die Koning op. En as hulle teenstrydig met die Koning optree, sou dit teen die Koning wees. So as dit teen die Koning is, sou dit anti—Christus wees. Dis baie rof. Ek net 'n bietjie meer stem gehad het, sou ons dit duideliker maak. Dis 'n anti—Christus. En as julle my sal verdra vir 'n paar minute, sal ek dit bewys. 'n Anti—Chris gees probeer mense neem en hulle roep van organisasie na organisasie, wat hulle saam organiseer, wat nooit die wil van God was nie. Mense het altyd met my baklei omdat ek so hard teen organisasies kapsie maak. Dis nie die mense daarbinne, waarteen ek kapsie maak nie. Dis daardie dominerende gees wat die mense laat dink dat: "Ons die mense is."

34 God se mense is Sy uitgeroepe mense. Ek glo hulle is in elke denominasie. Hulle kan Katoliek wees. Hulle kan Protestant wees. Hulle kan Joods wees. Hulle kan enige soort van 'n kerk wees. Maar die ware Kerk is die mistieke Liggaam van Jesus Christus.

35 Nou, jy kan nie die mistieke Liggaam van Christus organiseer nie. Nou, elke persoon wat na Christus toe kom, kom uit die wêreld, kom in Christus in, kom in Sy mistieke Liggaam in. En jy is 'n lidmaat van daardie Liggaam wanneer jy in Sy Kerk ingebring word, uitgeroep word en gedoop word in hierdie mistieke Liggaam. Begryp julle dit? Nie Metodis, nie Baptis, nie Pinkster, nie Nasareens, nie Pelgrim Heiligheid, nie Katoliek nie; maar die Liggaam van Jesus Christus. Ons sal daardie 'n bietjie dieper optel in ander vrae, binne 'n paar minute, soos ons in die dieper dele daarvan ingaan. Maar, die Liggaam van Christus is die Kerk.

36 Nou, Hy het Dit in baie gelykenisse vergelyk, soos in 'n man en 'n vrou. Hy noem die Kerk: "die Bruid." En die bruid is nie langer, en die bruidegom is nie langer, twee mense nie;

hulle is een. "Sy is vlees van sy vlees en been van sy been." En dan wanneer 'n man of vrou geroep is tot die mistieke Liggaam van Christus, deur die Heilige Gees, word hulle 'n volle lidmaat van hierdie Liggaam wanneer hulle vervul word met die Heilige Gees. Want, God het die Gees uit Christus geneem, Sy Liggaam opgewek en dit op Sy Troon geplaas, en die Heilige Gees terug gestuur om die mistieke Liggaam van Christus te vorm, wat by die Bruilofsmaal verenig sal word by die Koms van die Here. Jy kan Dit nie organiseer nie. Dit is 'n verborgenheid.

37 Jesus het vir Nikodémus gesê: "Die wind waai waar dit wil. Jy kan nie sê waar dit vandaan kom of waarnatoe dit gaan nie. So is dit met elkeen wat gebore is uit die Gees." Jy kan Dit nie begryp nie. Dit kom van iewers af. En dit is nie Metodis nie. Dit is nie Baptis nie. Dit is nie Pinkster nie. Dit is nie enige organisasie nie. Dis 'n Geboorte, gebore in die Koninkryk van God.

38 Nou, deur Dit te probeer organiseer, bring dit dan na anti—Chris, want enigiets wat teen die lering van Christus is, is anti—Chris.

39 Nou, waar het hierdie organisasie dan begin? Jesus, tot Hy op aarde was, het nooit enige kerk georganiseer nie. Hy het gepraat van 'n komende Kerk, maar Hy het nooit enige kerk georganiseer nie. Daar was nooit 'n kerk georganiseer, vir honderde jare na die dood van die laaste apostel nie. En die eerste georganiseerde kerk, wat ooit op die aarde was, was die Rooms Katolieke kerk. Nou, ek het die *Pre—Niceense Vaders, Fox se Boek van Martelare,* die geskrifte van Joséphus, Pemberman se *Vroeë Eeue*, en baie van die groot antieke skrywers. En nêrens, nêrens is dit ooit geskryf op enige bladsy van geskiedenis, waar daar ooit georganiseerde kerk was tot die Rooms Katolieke kerk georganiseer is nie. En dit het 'n organisasie geword, wat teenstrydig was met God.

Nou, as so 'n ding sou kom . . . O, ek wens ek kon dit oorbring na julle. As so 'n ding sou kom, en so 'n groot anti—Chris sou wees, sou God dit nie vooruit geweet het, as Hy die oneindige God was nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hy's oneindig. Sou Hy nie geweet het hierdie dinge sou kom nie? En as dit so 'n verskriklike ding is, sou Hy nie Sy Kerk voor die tyd waarsku nie? ["Amen."] Nou, ek hoop julle het 'n beter begrip van hoekom ek kapsie maak, nie teen die mense in die organisasies nie, maar die organisasies in hulle stand. Dit kan niks anders as anti—Chris wees, in elkeen van hulle nie.

40 Nou sê julle: "Wag 'n oomblik, ek het gedink jy preek niks anders as die Bybel nie."

41 Laat ons die Bybel dit laat sê, dan. Laat ons nou blaai en 'n oomblik lees. Blaai saam met my na Openbaringe, die 17de hoofstuk. Hierdie is die openbaring van Jesus Christus, aan Sy

Kerk, Kerk uitgeroep. Openbaring 17. En ons sal hierdie net so gou as moontlik probeer maak. Maar hou nou dop soos ons lees.

> . . . *een van die sewe engele met die sewe skale het* na my *gekom en met my gespreek en . . . gesê: Kom hierheen* en *ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit,*

42 Nou, hierdie is alles gesimboliseer, want dit is 'n openbaring van Jesus Christus, wat verseël is. Het julle dit geweet? Dit is 'n verborge ding, en kan slegs geopenbaar word, nie deur die intellektuele verstand nie, maar geopenbaar deur die Heilige Gees deur die gawe van die Gees. "Aan hom wat wysheid besit, laat hom die getal van die dier bereken. Aan hom wat wysheid besit, die gawe van wysheid, laat hom *dit* doen, en laat hom *dat* doen." En Hierdie is die openbaring.

43 Nou, enigiemand weet dat wanneer 'n vrou gesimboliseer word in die Bybel, verwys dit na 'n kerk. Christus se Kerk word genoem: "die Bruid." Paulus het gesê: "Ek het julle aan Christus verbind as 'n reine maagd."

44 Nou hier praat ons van 'n groot vrou wat 'n ontugtige vrou is. "Kom hierheen en ek sal jou toon," het die Engel aan Johannes gesê: "die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit." Nou: "vrou wat op die baie waters sit," klink baie geheimsinnig, maar dis alles hier. Die Bybel verduidelik dit.

Nou laat ons oorblaai na die 15de hoofstuk, sodat ons kan . . . of 15de vers, liewer, van dieselfde hoofstuk, sodat julle kan sien wat die—die—die—die "waters" beteken.

> *En hy* het *vir my* gesê*: Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke . . . menigtes . . . nasies en tale.*

45 Daarom, die *waters* waarop, bo—oor, die vrou gesit het, sy het beheer gehad van "die nasies, volke, menigtes, en tale." Sy het dit alles beheer; 'n vrou, 'n ontugtige vrou.

Nou, as 'n vrou ontugtig is, as ons weet 'n vrou is dit genoem in die natuurlike, aan 'n—'n vrou, sou ons weet dat sy ontrou was aan haar man. Dis wat sy genoem sou word. Dan sou sy voorgee om trou aan 'n man te lewe, en ontrou aan hom te lewe. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

Wel, dan, hierdie is die kerk wat sê dat Christus haar Man is, en haar doktriene is teenstrydig met Sy Lering. Sy's 'n hoer. En sy het beheer van die volke en menigtes en nasies. "Kom hierheen en ek sal jou haar oordeel toon." Nou het ons die prentjie.

> . . . *wie die konings van die aarde gehoereer het, en die bewoners van die aarde . . . dronk geword van die wyn van haar hoerery.*

46 Wat is *hoerery*? "Onreinheid; om onrein te wees." Sy's 'n hoer. Sy het onreinheid rondom haar, en al die ryk mense van die

wêreld, die konings en groot manne van nasies en menigtes, het met haar gehoereer, het van haar boosheid geneem. Julle sien waarnatoe dit kom, dan nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sien?

47 Nou, ek is nie verantwoordelik vir die skryf Hiervan nie, maar ek is verantwoordelik as ek Dit nie onderrig nie. Uh—huh. Ons praat nou van *kerk*. Nou, as julle sal oplet, soos ons 'n bietjie verder gaan.

> *En hy het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, . . .*

48 Laat my hierdie simbole kry soos ons voortgaan. Nou, *skarlaken* is "rooi." Rooi, op een manier, is 'n goeie kleur. Rooi, op 'n ander manier, is 'n ontugtige kleur, rooi lig, gevaar kleur, 'n skarlaken kleur. "Sy was getooi in skarlaken kleur," rooi, prostituut.

49 "En het op 'n dier gesit." 'n *Dier*, in die Bybel, beteken "mag." As julle oplet, baie predikers, ek sien hulle hulle kop knik, reg, want hulle is leraars van die Bybel. 'n *Dier* beteken "mag." Ons sien hierdie diere van die—van die Bybel, van Openbaringe 13, en van Daniël, wat opkom uit die water; diere, magte, wat opkom van onder die mense.

50 Maar het julle opgelet? In Openbaring 13, wanneer die Verenigde State opkom, is die enigste dier in die Bybel, wat opkom, wat nie uit baie waters opgekom het nie. Die Bybel het gesê dit het uit die aarde opgekom, waar daar geen mense was nie. Dit was hierdie nuwe koninkryk. En dit het gelyk soos 'n lam, maar na 'n tydjie het dit gepraat soos die draak. Dis hierdie land. Dit moet gebeur. Eendag sal hulle 'n fout maak en die verkeerde kêrel verkies. Hulle sal 'n Josef oprig, of . . . "'n Farao wat nie vir Josef ken nie." Hulle het dit tevore probeer, en hulle sal dit weer doen, as hulle hierdie keer misluk. Dit sal uiteindelik kom. Die Bybel sê so. Ek is nie 'n politikus nie. Beide kante van hulle is verdraai. Ek plaas my stem op Jesus Christus. Hy is die enigste Een waarin ek geïntresseerd is. Maar, ek sê julle, julle beter julle brille nou afvee, julle enige vryheid vir julle kinders verwag. Ek weet nie hoe naby dit is nie. Bid. Goed. Gehad . . . Kyk.

> *En hy het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het 'n vrou* (kerk) *gesien sit op 'n skarlakenrooi dier, skarlaken* kleur *dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings.*

51 "Sewe koppe." Hieronder, sê dit: "Die sewe koppe," wat op die dier was: "is sewe heuwels waarop die—die stad sit." Nou watter stad is gebou op sewe heuwels? [Gemeente sê: "Rome."—Red.] Rome, presies, 'n stad wat sit op sewe heuwels; 'n kerk, 'n vrou, 'n prostituut wat die wêrels sal beheer met haar magte. Tog, dis net so duidelik soos die koerant lees. Sien? Sekerlik.

> Nou, *en die vrou, was bekleed met purper en skarlaken* kleure, (die vrou, die kerk, ryk), *en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, . . .*

52 Vertel my waar een van hulle ooit inkomste belasting betaal het. Vertel my waar hulle ooit belas is vir enigiets. Reg van toegang, van enigiets wat hulle wil doen. Tog, het God kinders daarbinne. Het beslis.

53 Net dieselfde, pot kan nie die ketel swart noem nie. Baie kere, sê die Protestante: "Wel, die Katolieke, hulle het *dit*, *dat*, die *ander* vermoor." Wie het vir Joseph Smith vermoor? Ek stem nie saam met hom nie. Maar hy het net soveel reg vir sy lering as wat ek vir myne het, hier in Amerika. En die Metodiste kerk het Joseph Smith vermoor. Wanneer jy inkom in die—die Salt Lake Stad, het dit 'n yslike groot teken op: "Julle Metodiste, hou die Mormoonse krieke dop." Reg. Die Metodiste kerk het Joseph Smith geskiet. Protestante! So, moenie skree oor die Katoliek nie. Kyk, net 'n paar minute, die Bybel sal so sê, ook.

> *. . . kosbare stene . . . pêrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol van* die gruwel van *die onreinheid van haar* hoererye; haar doktrienes, wat sy uitgegee het, konings van die aarde wat dit drink.

54 Enigiemand wat dit kon glo, kon Broer Jagger se vitamiene pille glo, wat: "Jy water op 'n vrou kan sprinkel, wat getroud is met 'n man vir dertig jaar, en 'n klomp kinders gehad het, en haar weer terug verander na 'n maagd, en haar na 'n bruidsbed stuur daardie nag saam met haar man." Enigiemand wat kan glo dat heilige water dit kan doen, kan enigiets glo. Dis reg.

Maar die konings van die aarde pleeg sulke dinge soos daardie. Dis sodat hulle kan lewe en 'n gevoel van vrede hê. Onder in julle hart, weet julle julle is verrot. Neem die Bloed van Jesus Christus om julle te reinig. Maar let nou op, sy was die eerste georganiseerde kerk, die Bybel spreek hier daarvan.

> *En op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: VERBORGENHEID, DIE GROOT BABILON, DIE MOEDER VAN DIE HOERE EN VAN DIE GRUWELS VAN DIE AARDE.*

55 Hou nou dop. Ons sal almal saamstem. En Rome se eie boeke, die Katolieke se eie boeke, stem saam dat daardie die Roomse kerk is. Hulle eie boeke stem daarmee saam. Ek het wat genoem word *Feite Van Ons Geloof*, wat net aan 'n priester behoort. 'n Katoliek was bekeer tot my . . . Wat, haar seun was 'n priester, en sy het vir my die boek gegee. Toe het hy haar teruggepraat in die kerk in; sy het daarvoor gekom, en ek wou haar dit nie teruggee nie. Ek het dit gehou vir getuienis, wou weet waarvan ek praat. Wanneer ek enigiets sê, moet ek dit weet. God gaan my verantwoordelik hou daarvoor.

56 En onthou, sy is genoem: "VERBORGENHEID, BABILON." Ons weet dis die Katolieke kerk. Maar, let op, sy's "DIE MOEDER VAN HOERE." Wat is 'n hoer? Dieselfde ding wat sy is, die hoer. Nou, waar het hierdie organisasies vandaan gekom? Daar's haar moeder. Dis wat hulle is, om mee te begin. Dan sê julle: "Dis die anti—Chris." Dis waar. Dan as daardie anti—Chris is, dan wat van ons organisasies? Net soos *ontugtige* en *hoer*, dieselfde ding is: "owerspel pleeg, ontug pleeg," vals dinge aanvaar as gevolg van die verstand en intellektuele van mense." Soos die Bybel gesê het: "Deur leringe te leer wat oorleweringe van mense is." Dis wat *kerk* genoem word vandag, wat teen God se Koninkryk is.

57 Soos in die Ou Testament. God wou Koning wees oor Israel, voordat dit 'n kerk geword het, en Hy was Koning. En hoewel hulle 'n profeet, Samuel, 'n goeie man, gehad het, en toe hy hulle dit vertel het, as hulle 'n koning wou hê, maar hulle wou soos die res van die mense wees. Hulle wou soos die Filistyne wees.

58 Dis wat die probleem is met die Protestantse mense. Hulle wil net nie wat goed is alleen laat nie. Hulle net . . . Toe die Heilige Gees op hulle geval het destyds, veertig jaar gelede, en die krag begin uitstort het, en hulle begin dans en skree, en met tale gepraat het, hulle wou dit nie alleen laat nie. Hulle moes dit organiseer. Toe het een gekom, en hulle het hulle 'n Algemene Raad genoem. Nog een het gekom, met 'n bietjie Lig, oor die Naam, Jesus Christus, en hulle het hulle die "Nuwe Uitgawes" genoem en hulle weggewys. Toe het hulle vir hulle 'n organisasie gekry genaamd die P.G. van J.C., Pinkster Gemeente van Jesus Christus. 'n Bietjie wrywing het tussen hulle ingekom, of Hy op 'n wit perd kom of hoe Hy sou kom, en hulle het nog een georganiseer, naamlik P.G. van W., Pinkster Gemeentes van die Wêreld. O, goeiste, goeiste! Toe kom die kerk van God. Toe het hulle afgebreek deur profesie, weer georganiseer. Elke keer wat jy dit doen, gaan jy uit die wil van God uit. 'n Anti—Chris gees!

59 God se Kerk is vry. God se Kerk is nie gebind deur enige grense nie, want, van see tot see is God s'n, elke menslike wese op die aarde behoort aan Hom. Of Hy in Katolieke, Protestante, of waar hy ook al is, God soek diegene met 'n eerlike hart. En ons word gered deur geloof, deur Hom te glo. Dis die Kerk. Nou, julle sien, die Kerk is nie 'n organisasie nie.

60 En elke keer wat julle organisasie sien, onthou net: "anti-Chris" is daaroor geskryf. Hier is dit in die Bybel. Dis so duidelik soos ek weet hoe om Dit te lees. Ek—ek het baie dierbare vriende wat hier sit, wat aan organisasie behoort, ek sê nie julle is anti-Chris nie. Ek noem julle nie dit nie. Maar agter die hele ding, en dit lyk asof die Duiwel dit op so 'n manier gedraai het, dat jy iets soos dit moet hê, of hulle sal jou nie eens toelaat om te preek nie.

Dis dieselfde ding wat die volke het. Jy kan nie 'n man wees sonder 'n volk nie. Jy moet 'n volk iewers hê. Jy moet of Amerikaans, Duits, of iets wees. Sien, dis alles verdraai.

61 So, eintlik, 'n ware wedergebore Christen is amper 'n swerwer. Vir die wêreld is hy 'n afvallige. Maar vir God is hy kosbaar. Wens ons het tyd gehad om na Hebreërs 11 te gaan, en sien (hoe) daardie geloofstryders. Hoe Abraham uitgestap het en homself 'n pelgrim en 'n vreemdeling genoem het, gesê het hierdie wêreld was sy tuiste, maar hy het geswerf, op soek na 'n Stad wie se boumeester en oprigter God was. "En as ons, dood in Christus, Abraham se Saad aanneem, en erfgename van Hom is, deur die belofte." En wat maak dit ons? Pelgrims en swerwers.

62 Toe Israel opgekom het uit Egipte. Daar was Moab, die groot georganiseerde land. Daar was ook Esau, die groot georganiseerde land. En hier was Israel, 'n ongedenomineerde, wat aangekom het. Albei van hulle, fundamenteel, in die Woord. Onthou, Bileam het dieselfde offer geoffer wat Israel geoffer het, sewe altare, God se vereiste. Sewe rein offers, sewe ramme, wat gespreek het van die koms van 'n Regverdige. Fundamenteel, was hul albei reg, uit 'n fundamentele oogpunt. Maar wat Bileam nie gesien het nie, hy het nie gesien dat die Bonatuurlike onder Israel was nie, daardie inter— denominasionele groep. Geen plek om te gaan nie, hulle het geswerf, maar hulle was op hulle pad iewers heen.

63 Dis hoe die Kerk van die lewende God vandag is. Dis ongeorganiseerd, sover dit die wêreld betref. Maar dit is saamgebind, nie met organisasiebande nie, maar met die krag en die Gees van Jesus Christus, met die bande van liefde.

64 Laat 'n Metodis en Baptis mekaar op die rug klop, en sê: "My kosbare broer," wanneer hulle sien hulle kan nie saamloop behalwe as hulle saamstem nie.

Mense sê: "Is jy 'n Christen?"

65 "Ek's 'n Baptis." Dit antwoord die vraag, glad nie. "Is ek 'n Christen? Ek's Pinkster." Dit beantwoord nie die vraag nie.

66 As jy 'n Christen is, is jy 'n wedergebore skepsel. Jy is in— in 'n mistieke Koninkryk van God. Jou oë is nie op die dinge van die wêreld nie, maar op die dinge van bo. En dis wanneer jy in die Kerk is. Dit is die Kerk. Dis nie 'n organisasie nie. Dit kan nooit 'n organisasie wees nie. Neem my op rekord. Die Kerk van die lewende God kan nooit 'n sekere groep wees nie. Dit kan nie 'n organisasie wees nie. Dit moet 'n mistieke Liggaam wees, die Heilige Gees. 'n Bietjie verder, as ons tyd het, sal ons presies daarop ingaan.

67 Nou, sien julle nou wat *Kerk* beteken? *Kerk* beteken "uitgeroepte" klomp, 'n uitgeroepte volk, wat slegs geregeer word deur die Koning van hierdie Messiaanse Koninkryk. O, is dit nie wonderlik nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Ek hou

daarvan. Toe ek dit gelees het in die . . . vandag. En toe dit daar sê dat: "Die Koninkryk, die Messiaanse Ryk." Die skrywer het dit gestel: "Messiaanse Ryk." Die skrywer het ook gesê: "Daar is glad nie so 'n ding soos die Kerk van die lewende God wat ooit georganiseer is nie. 'n Organisasie is iets wat aangepas is, aangeneem is in, om die plek te neem van."

68 Dis presies die manier wat al hierdie valse doktrienes ingebring is, om die plek van die ware in te neem. Dis die rede waarom die vrou 'n beker van die onreinheid van haar gruwel in haar hand gehad het. Nou, julle sien, ek sê nie . . . Die Pinksters is net so skuldig soos die Katoliek, of die Pelgrim Heiligheid, of die Nasaréners, of die Baptiste, of die Metodiste. Maar, in al daardie denominasionele kerke, het God kinders. Hulle behoort in hierdie mistieke Koninkryk. Die enigste ding waarvoor hulle wag, is om daardie *iets* te sien gebeur, wat hulle harte daarin sal intrek. Ek is so bly om te weet, vanaand, dat hulle van die ooste en die weste, noorde en suide kom, hulself onttrek, aanbiddend, wagtend op die Koms van die Here. Die Bybel het gesê hulle sou dit doen in die laaste dae. Dis presies reg. En gesê: "Hulle sou hardloop van die ooste na die weste, noorde en suide, op soek na die ware Woord van God; 'n hongersnood nie vir brood en water nie, maar vir die hoor van die Woord van God."

69 Hulle wil hê jy moet: "Kom aansluit *hierby*. Kom aansluit *hierby*." Daar's niks waarby jy kan aansluit nie. In die Koninkryk van God, is daar nie een ding waarby jy kan aansluit nie. Dis 'n ondervinding om in die Kerk ingebore te word, nie Daarby aan te sluit nie. Nou, ek mag 'n bietjie meer daarop ingaan, binne 'n oomblik. Ek het nog 'n paar Skrifte daar neergeskryf.

70 Maar laat ons nou gaan na die tweede gedagte, sodat ons kan probeer om deur dit alles te kom. Wie het Dit tot stand gebring, dit is, hierdie mistieke Liggaam? Wie het Dit begin? Jesus Christus. En dit is die . . . Hy is die Hoof van hierdie mistieke Liggaam. Hy is die Koning daaroor, wat Sy Eie wil bewerk in Sy Domein. Nie 'n biskop se beheer of 'n kerkraad se beheer nie; maar 'n Koning, wat die Messias Self is, wat in Sy Eie Domein werk. Wanneer het dit begin? By Pinkster. Nie die Pinkster organisasie nie; die pinkster ondervinding. Dis wanneer dit met jou begin. Hy het gepraat van die koms Daarvan. Hy het gesê wat sou plaasvind. Hy het gesê Dit sou kom.

71 Nou, as ons wil, kan ons blaai na Lukas, 24ste hoofstuk, 49ste vers, en ons kan hier sien, 'n paar Skrifte begin lees sodat hierdie mense wat hierdie neem, dit kan neerskryf. Lukas 24:49, sal ons sien wat Hy gesê het.

> *En kyk, Ek stuur die belofte van My Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte.*

72 Nou, Hy het belowe van 'n komende Kerk, 'n komende Koninkryk. Nou blaai reguit oor na Handelinge 1:8. Nou, onthou, Hy het ook gespreek in Matthéüs 16:18, van: "Op hierdie rots," sou Hy Sy Kerk bou: "en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie." Ons gaan binne 'n paar minute daarby kom, soos ons afgaan in die ander onderwerp. Handelinge 1:8.

> *Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees in Jerusalem . . . Judéa, . . . Samaría, en tot aan die uiterstes van die aarde.*

73 'n Komende Koninkryk van getuies: getuies van Sy opstanding, getuies van Sy krag, getuies van Hom, wat lewe. "Julle is My getuies," nou, Handelinge 1:8.

74 Dan vind ons dit ook in Efésiërs, die 1ste hoofstuk, 22ste vers, julle wat daardie neerskryf. Net, daar's baie daarvan om neer te skryf, maar net om dit vas te pen, om dit seker te maak dat julle . . . julle dit sien. Goed. Die 22ste vers van Efésiërs, die 1ste hoofstuk.

> *En Hy het alle dinge onder Sy voete* (dis Christus) *onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die kerk gegee,*
>
> *Wat sy liggaam is,* en *die volheid van Hom wat alles in almal vervul.*

75 Wie het hierdie Kerk tot stand gebring? Jesus Christus. Geen biskop, geen groep mans, geen pous, geen mensgemaakte magte, hoegenaamd nie. Maar Jesus Christus het Daarvan gepraat as Sy Koninkryk wat in krag sou kom. "Daar is sommige van dié wat hier staan . . . " 16de hoofstuk van Matthéüs: "Voorwaar, Ek sê vir julle, daar is sommige van dié wat hier staan, wat die dood sekerlik nie sal smaak voordat hulle die Koninkryk van God in krag sien kom nie." Net 'n paar dae daarna, is Hy gekruisig, en het die Heilige Gees geval. "Daar is sommige van dié wat hier staan, wat nie die dood sekerlik nie sal smaak voordat hulle die Koninkryk van God sien nie."

76 "Sal U die Koninkryk op hierdie tydstip herstel?" het die Jode Hom gevra.

77 Hy het gesê: "Dis nie vir julle om die tyd of seisoen te weet, wat die Vader in Sy Eie gedagtes gesit het nie. Maar julle sal krag ontvang." Handelinge 1: "Julle sal krag ontvang nadat die Heilige Gees oor julle gekom het." Jy sal krag ontvang nadat jy 'n biskop gemaak is, nadat jy 'n prediker gemaak is, nadat jy 'n pous gemaak is, nadat jy 'n priester gemaak is? "Julle sal krag ontvang nadat die Heilige Gees oor julle gekom het." Dis die getuie waarna God gesoek het, 'n getuie nadat die Heilige Gees gekom het. Nie 'n getuienis dat ek 'n biskop is, nie 'n getuienis dat ek 'n pastoor is nie. Maar 'n getuienis (van wat?)

van die opgewekte Koning. Dis die ware Kerk van die lewende God. Goed.

78 En ook in Kolossense 1:17 en 18, ons mag dit lees terwyl ons nou net daarby is. Kolossense 1:17 en die 18de vers.

> *En Hy* wat *voor alle dinge is, en in Hom hou alle dinge stand.*
>
> *En Hy is die Hoof van die liggaam, die kerk;* wie Hy is, *Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees.*

79 Wie is die Hoof van hierdie Kerk? Jesus Christus. Watter Koninkryk is dit? Die Messiaanse Koninkryk, die Kerk, nie 'n organisasie nie; 'n Kerk, 'n mistieke Liggaam waarvan Christus die Hoof is. O, ek hou daarvan, om te wandel in die Gees, die Koning te gehoorsaam. Dwaas vir die wêreld; kosbaar voor die aangesig van God. Wandel in die Gees; misverstaan, voor gelag, bespot. "Almal wat goddelik lewe in Christus Jesus, sal vervolgings verduur. As hulle die profete vervolg het wat voor julle was, die Meester van die—Meester van die gebou: 'Beëlsebub' genoem het, hoeveel te meer sal hulle Sy dissipels noem?" Maar jy wandel in die Gees, draai jou rug op die dinge van die wêreld, nie gebind deur enige bande nie. "Hy wie die Seun vrygemaak het, is vry inderdaad." Amen. Dis die Kerk van die lewende God. Dis wie Dit tot stand gebring het.

80 Nou sien ons, in getuienisse, in Handelinge 1:8, het Hy gesê: "Julle sal My getuies wees nadat die Heilige Gees oor julle gekom het."

81 Wat is die Kerk? Die mistieke liggaam van Christus. Wie het Dit tot stand gebring? Die Here Jesus, Self. Dit is nie tot stand gebring in Rome nie. Nog minder is dit tot stand gebring in Engeland, deur John Wesley. Nog minder is dit tot stand gebring deur Calvyn, of in Amerika, die Baptis, deur John Smith. Nog minder is dit tot stand gebring in Kalifornië, deur die Pinksters. Dit is tot stand gebring deur Jesus Christus, die Koning van die Messiaanse Koninkryk. Dis deur Wie Dit tot stand gebring is. Hy is Die Koning. Hy wil Koning wees. Hy wil ons regeer. Hy wil die Here wees.

82 Mense laat Hom in, sê: "Ek sal Hom Verlosser laat wees," maar hulle wil Hom nie Here laat wees nie. *Here* beteken "eienaarskap, heerskappy." "Kom in my hart in, Here, red my van die hel, maar moenie vir my sê wat om te doen nie." Dis die gesindheid van die mense. Dis die rede. Geen wonder die Bybel het gesê: "Al die tafels het vol braaksel geword," nie. Julle weet wat braaksel is. "Soos 'n hond terugkeer na sy braaksel." As hierdie organisasies nie gewerk het in die eerste plek nie, en God hulle moes uitbraak; gaan terug na hulle, hulle sal jou weer laat braak. Hy het gesê: "Ek sou dat julle warm of koud was.

Omdat julle louwarm is, sal Ek julle uit My mond spuug." Julle maak God siek op Sy maag, en Hy braak ons uit.

83 Noem my een organisasie wat ooit geval het wat ooit opgestaan het. Wys my met geskiedenis waar een ooit het. 'n Man sal opstaan met 'n bediening, God sal daardie man seën. Die eerste ding wat jy weet, sal hy dit reg omdraai en onder mense kom en 'n organisasie daaruit maak, en dit maak dit net daar dood. Kyk deur die geskiedenisse en vind een wat ooit opgekom het. Nie een nie, want dis alles 'n anti—Chris gees onder die mense.

84 Soos Moses, en hulle wou iets hê wat hulle self kon doen. "Here, ons het soveel lidmate gehad hierdie jaar." Watter verskil maak dit, hoeveel lidmate jy het? Ons soek nie na lidmate van 'n kerk nie. Ons soek vir Lidmate van Christus se Liggaam, wat in die Koninkryk van God ingebore is: "nie deur die wil van die mens nie, maar deur die wil van God," nie deur die gees van die mens of die intelligensie van die mens nie.

85 Paulus het gesê: "Ek het nie na julle gekom in die wysheid van die mens nie. Ek het na julle gekom met die Gees van God en die krag van Sy opstanding, sodat julle geloof nie sou rus in die wysheid of oorredende woorde van die mens nie, maar in die krag van die opstanding van Jesus Christus." Dis waarin Hy gekom het. God help ons, dat ons dieselfde ding doen.

86 Nou, ons wil nie te veel tyd op elkeen spandeer nie. Nou wil ek uitvind: Wat is die Boodskap van hierdie Kerk? Wat behoort hierdie Kerk te onderrig? Wat is Sy Boodskap?

Die eerste Boodskap waaraan ek kan dink, wat hierdie Kerk (mistieke Liggaam) sal onderrig, sal bekering wees. Laat ons weer blaai na Lukas 24, net vir 'n oomblik. Lukas, 24ste hoofstuk. Die eerste ding wat die Kerk moet doen, is om te bekeer, en Dit sal bekering onderrig. Nou, Jesus, wat gereed maak om te vertrek, hierdie is die laaste hoofstuk, wanneer Hy gereed maak om die aarde te verlaat. Lukas 24:46, laat ons begin met die 46ste vers.

> *En Hy sê vir hulle: So is dit geskrywe, en so moet die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan,*
>
> *en bekering en vergewing van* sonde . . .

O, ek wil dit laat insink, want ek kom by iets binne 'n oomblik, daaroor: "vergewing van sondes."

> . . . bekering tot God en vergifnis *van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder.*
>
> *En julle is getuies van hierdie dinge.*

87 [Leë kol op band—Red.] " . . . ly," het die Skrifte gesê. Hy is die Een waarvan die profeet gepraat het. Hy is die Een waarom die hele Bybel gedraai is, om Hom verstrengel. Sekerlik sou Hy weet

wat onderrig behoort te word. Hy weet wat gedoen behoort te word. En Hy het gesê: "Bekering en vergewing van sondes moet gepreek word aan alle nasies vir 'n getuienis, van Jerusalem af."

Nou, organisasie het by Rome begin. Organisasie kerk het by Rome begin; aangekom na Duitsland, vir Marthin Luther; aan na Engeland, vir Wesley; aan na die Verenigde State, vir John Smith; Kalifornië, vir Pinkster.

Maar die Kerk het by Jerusalem begin. "Bekering tot God, en die doop in die Naam van Jesus Christus, vir vergewing van sondes, begin by Jerusalem. En moes . . . " "Moes," het Hy gesê. Nie gesê hulle sou dit almal haal nie. "Dit *moes* begin. Dit *moes* gaan na die hele wêreld. Dit *moes* gepreek word." Maar daar baie min daarvan. Maar dis wat Hy gesê het, Sy Boodskap, dis die Boodskap van die Kerk. Wys my die kerk wat Dit onderrig. Sê my waar Dit is. Jy vind dit nie.

88 Nou, Jesus is Koning, die tweede Boodskap. Jesus is Koning, en Hy lewe vir altyd. Matthéüs 28:20. Jesus is Koning, en lewe vir altyd. Dis wat die Kerk behoort te onderrig. Matthéüs 28:20.

> *En leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.*
>
> *En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.*

89 Dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hebreërs 13:8: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Dis die Boodskap van die Kerk: om Sy werk te doen, Sy opstanding te bewys, en getuienis te gee.

Nou, Handelinge 5:32, waar ons sien of hulle dit gehad het of nie. Soos ons blaai, Handelinge, die 5de hoofstuk, 32ste vers.

> *En ons is Sy getuies van hierdie dinge, en ook die Heilige Gees wat God gegee het aan dié wat Hom gehoorsaam is.*

90 Daar moet van Hom getuig word. Johannes 14:12, gee Hy die lering, wat die Kerk behoort te doen. In Johannes, die 14de hoofstuk, die . . . en die 12de vers, ons sal sien wat dit sê. Johannes 14:12, so ons lees dit, maak dit amptelik. Goed. Johannes 14, en die 12de vers.

> *Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, wie in My glo—die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en groter werke as dit* doen hy, sal, *omdat Ek na my Vader gaan.*

91 Dis die Boodskap van die Kerk. "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Wat lewe in Die Kerk, Koning van die Kerk, opgewek uit die dood. "Dieselfde gister, vandag, en vir altyd," wat dieselfde werke doen, dieselfde dinge doen wat Jesus gedoen het. Dis die Boodskap van die Kerk. As die kerk Dit nie onderrig nie, onderrig dit een of ander valse teologie. Dis wat Jesus hulle beveel het om te preek.

92 Wat anders sal wees? Hoe sal ons weet of . . . Hierdie mense, hulle sê: "Wel, ek's 'n gelowige." Kom ons kyk wat Sy laaste opdrag aan Sy Kerk was, vir gelowiges, Markus 16. Neem Markus, die 16de hoofstuk, en ons sal uitvind wat Sy laaste Boodskap aan die Kerk was, en ons sal dan sien of ons Sy opdrag uitvoer. Markus 16, laat ons begin by die 14de vers.

> *Later het Hy aan die elf self verskyn,* dis na sy opstanding*, toe hulle aan tafel was, . . .*

93 Hier is die opdrag aan die Kerk nou, luister, die laaste opdrag. Ons sal onsself nagaan, of ons gelowiges is, óf of ons in hierdie Kerk is, of nie.

> *Later het Hy aan die elf self verskyn, toe hulle aan tafel was, en Hy het hulle* hardheid van hulle harte*, verwyt, hul ongeloof en hardheid van hart verwyt, omdat hulle dié wat Hom ná sy opstan— . . . gesien het, nie geglo het nie.*

94 Iemand het Hom gesien. Iemand het hulle probeer vertel daarvan, en hulle het dit nie geglo nie. As dit nie dieselfde ding vandag is nie. Ons weet Hy lewe, ons het die getuienis van Sy Gees in ons. Ons sien Sy krag beweeg oor die gehore, en tiene van duisende van mense, en hulle gedagtes—gedagtes en harte net presies onderskei, soos Hy het toe Hy hier was. Soos die Bybel gesê het: "Die Woord van God." En Hy is die Woord van God. "In die begin was die Woord, en die Woord was met God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewandel." "Die Woord van God is skerper, kragtiger as 'n tweesnydende swaard, en dit dring deur tot die murg van die been, en 'n onderskeier van die gedagtes en bedoelinge van die hart." Christus: "Die werke wat Ek doen sal julle ook doen." Sien Hom dit doen. Hoeveel het Hom dit sien doen? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sekerlik. Ons weet Hy doen dit. Hy lewe hier. Hy is in ons harte.

95 Hulle glo Dit nie. Hulle het Dit nie toé geglo nie. Hulle glo Dit nie nou nie. Hulle glo: "Hy het gesterf, en dit het dit afgehandel. En ons het een of ander soort van 'n historiese ding, wat een of ander kêrel opgestaan het 'n paar jaar gelede en 'n kerk gestig het, en 'n katagisme geskryf het, en dis waaraan ons vashou." Dis heidens. Reg! Geen waarheid daaraan nie. O, ek sê nie "waarheid" nie, die man mag dit gedoen het. Man mag o so opreg gewees het. Maar God beheer nie Sy Kerk so nie. Hy wou dit nooit gehad het nie.

96 Toe hulle gevra het vir 'n koning, het Samuel hulle geroep en dit vir hulle gesê. Hy het gesê: "Ek wil julle iets vra. Het ek julle ooit gefaal? Het ek julle ooit gevra vir enige van julle geld? Het ek julle ooit iets in die Naam van die Here vertel, behalwe wat reg was? God wil nie hê julle moet 'n koning hê nie. Hy wil julle Koning wees."

97 Hy het gesê: "O Samuel, sekerlik, jy's reg. Jy's 'n goeie profeet. Jy het ons nooit enigiets behalwe die Waarheid vertel nie. Jy het ons nooit gevra vir geld nie. Daardie dinge is waar, maar ons wil soos die res van hulle wees. Ons wil in elk geval 'n koning hê."

98 Samuel het gesê: "Dit gaan julle hartseer en probleme veroorsaak. Dit ga— . . . Hy gaan julle seuns en dogters neem. Hy gaan hulle besoedel, in die dinge wat hy sal doen. Hy sal dit doen." En hy het. Maar, steeds, wou hulle 'n koning hê.

99 Dis hoe hulle maak vandag. O, ons moet een of ander soort naam aan ons verbind hê. Ons moet die mense vertel wanneer hulle ons vra: "Ons is Metodis, Baptis." Sê net julle is *Christene*, dis reg: "Soos Christus."

. . . nadat Hy uit die dood opgestaan het, het hulle dit nie geglo nie.

En Hy het vir hulle gesê: (hou die groot opdrag dop), *Gaan die . . .*

Hoeveel van die wêreld? [Gemeente sê: "Die hele."—Red.] "O, ek het gedink net Jerusalem." Iemand het gesê: "Hierdie tekens het slegs na Jerusalem gegaan."

. . . hele wêreld, hele wêreld in en verkondig die Evangelie . . .

100 Hoeveel weet wat die Evangelie is? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Nie die "Woord" nie. [Broer Branham tik op sy Bybel.] Paulus het gesê: "Die Evangelie het nie na ons gekom in Woord alleen nie, maar deur die krag en manifestasie van die Heilige Gees." Die Evangelie is die krag van God om die Woord te laat doen wat Dit gesê het Dit sal doen.

"Preek die Evangelie, die hele wêreld." Preek die Evangelie net aan die wit mense, of net die bruin, geel, swart?

. . . aan elke skepsel.

101 Amen. "Elke skepsel." Glo julle dit beteken dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Ek het God 'n bul sien dronkslaan, eendag. Ek het Hom sien maak dat perdebye nie steek nie. Ek het Hom 'n buidelrot sien opwek, wat dood gelê het, heelnag. "Elke skepsel." Die Evangelie sal 'n effek hê op enigiets wat jy vra.

Julle sê: "Dis verkeerd, Broer Branham." Dit is nie verkeerd nie.

102 Jesus het vir daardie boom gesê: "Bestraf is jy. Niemand eet van nou af van jou nie." En die Evangelie is gepreek aan daardie boom. Amen. Sjoe! Ek voel godsdienstig, nou.

"Aan elke skepsel." Amen. Preek Dit aan wat? "Elke skepsel." O, as ons net tyd kon hê vir hierdie dinge.

Nou, *hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; . . .*

"O, ek glo, is gedoop." Gaaf in die haak. Alles reg.

Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; . . . hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.

103 "O, ek is bly ek is 'n gelowige." Wag 'n oomblik. "En," *en* is 'n voegwoord, wat die sin bymekaar voeg.

En hierdie tekens sal . . .

O, ek het gedink jy glo nie in teken nie. Dis Jesus se Eie Woorde. Redeneer met Hom Daaroor.

. . . *hierdie tekens sal* . . . (Nie "hulle sal miskien; hulle sal partymaal" nie) . . . hulle *sal hulle wat geglo het, volg:* . . .

104 Nou gaan ons sien of jy glo of nie, gaan sien of jou organisasie glo of nie. Hulle mag *sê* hulle glo. Jesus het gesê: "Hierdie tekens sal hulle wat geglo het, volg." Tog, hulle ontken daardie tekens.

. . . *hierdie tekens sal hulle wat geglo het, volg:* (hoeveel?) *in my Naam sal hulle duiwels uitdryf,* . . .

105 En julle wat nie in Goddelike genesing glo nie, julle kerke! Hierdie word opgeneem, julle verstaan. Ek praat nie net met julle nie. Iemand anders gaan Dit hoor. Maak aanspraak daarop dat jy in God glo, en in die opdrag glo, dat jou kerk opdrag gegee is om die Evangelie te neem? En die heel eerste ding is Goddelike genesing.

Wat was die eerste ding wat Jesus Sy dissipels vertel het toe Hy hulle uitgestuur het? Matthéüs 10:1: "Genees die siekes, dryf duiwels uit." Wat was die laaste ding wat Hy aan Sy Kerk gesê het? "Genees die siekes; dryf duiwels uit." Alfa en Oméga; Benjamin en Ruben, Eerste en Laaste; Hy wat Was, Wat Is, en Sal Kom; die Môrester; die Wortel en Nageslag van Dawid. Halleluja! Dis Hy. Ja, meneer.

"Hierdie tekens sal hulle wat geglo het, volg. In My Naam sal hulle duiwels uitdryf." Net by Jerusalem? "Aan die hele wêreld, en aan elke skepsel." Is dit die Bybel? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dis wat Dit gesê het. Dit is die Boodskap van die Kerk. "Die hele wêreld, elke skepsel, die Evangelie. Aan elkeen wat glo, sal hierdie tekens volg."

. . . *my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek,*

106 En julle arme Nasaréners het hulle 'n klomp "tale" mense genoem. Julle wou nie eens in die kerk sit saam met hulle nie. Is dit nie verskriklik nie? Wat gaan julle doen wanneer julle in die Hemel kom? Jesus het gesterf, terwyl Hy in tale praat. Hulle het gesê: "Hy het gespreek, en Hy het gespreek in 'n ander taal." Sekerlik. Hy het. "Hy het gespreek in Hebreeus." Hy het nie. Dis nie Hebreeuse skrif nie. Hy het gespreek in 'n Hemelse taal.

107 Toe—toe Abel sy lam op die rots geoffer het, toe die klein lammetjie sterwend was, hy dit op die nek gekap het. 'n Tipe van

Christus, ver terug in die tuin van Eden, die klein lammetjie wat blêr in 'n ander taal, soos hy gesterf het. Dit het getipeer, soos sy bloederige wol gebaai was met sy eie bloed. Dit het die Seun van God getipeer wat oorkant hang op Golgota, gekap in stukke, met ons sondes, sterwend, wat in 'n ander taal praat: "My God, My God, waarom het U My verlaat?"

108 Dis die Boodskap van die Kerk. "In My Naam sal hulle duiwels uitdryf; sal hulle met nuwe tale spreek." Dis wat Hy gesê het. Dis die Boodskap van die Kerk. Dis wat Hy die Kerk beveel het om te doen: "Om duiwels uit te dryf; hulle sal met nuwe tale praat."

> *Slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle . . . hande lê, . . . hulle sal gesond word.*

109 Dis die opdrag van die Kerk. Dis die ware, gelowige Kerk.

Word dit onderrig in die Metodis, Baptis, Presbiteriaans, Katoliek, Lutheraans, Nasareens, Pelgrim Heiligheid? [Gemeente sê: "Nee."—Red.] Nee, meneer. Hulle ontken Dit. Glorie! Hoekom? Hulle is georganiseerd, en hulle kan dit nie doen nie. Daar's menige 'n lidmaat daarbinne wat Dit glo, maar hy kan niks Daaroor sê nie, want hy sal geëkskommuniseer word. Dis 'n anti—Chris gees, wat hulle georganiseerd het.

Die Kerk van die lewende God is vry gebore deur die Gees van God, het geen oorheersing nodig nie. Hulle volg die Koning van die Messiaanse Koninkryk. Hulle hoef nie die mense se sê te neem nie. Hulle is vry gebore, vry gemaak deur die Seun Wat hulle inderdaad vry maak. Hierdie tekens sal hulle volg.

110 Hierdie Evangelie sal gepreek word. Wie gaan Dit preek? God is in staat om die onkundiges te neem. God is in staat om uit hierdie klippe, kinders vir Abraham op te rig. God kan doen wat Hy ook al wil doen. Hy is God, en dis die manier waarop Hy dit doen. Toe Hy gekom het, het Hy nooit vir Kajafas geroep nie. Hy het nooit een priester geroep nie. Hy het nooit een teoloog geroep nie. Hy het vissermanne, herders geneem, en die onkundiges en die ongeleerdes. Die Bybel het gesê, dat: "Petrus en Johannes albei onkundig en ongeleerd was." Maar Hy kon deur hulle gee, en deur hulle bewerk, die Koninkryk van God, en die oë en die verstand van die wyses en magtiges verbyster. Hulle het gesê: "Hulle het ag geslaan daarop dat hulle onkundig en ongeleerde manne was, maar moes ag gee op hulle, dat hulle by Jesus was." Hoekom? Hulle het Sy Gees op hulle gehad. Hulle het opgetree soos Hy optree. Hulle het die dinge gedoen wat Hy gedoen het. Dis presies wat Hy gesê het sou plaasvind, Messiaanse Koninkryk. O, hoe bly is ek oor hierdie dinge. "Hierdie tekens sal hulle wat geglo het, volg. Sekerlik. Tekens sal hulle volg.

111 Nou, nog 'n ding wat hierdie Kerk sal onderrig, sal Goddelike genesing wees, die Boodskap van die Kerk. Ek het dit pas aangehaal, Matthéüs 10, toe Hy Sy Kerk uitgestuur het. Laat ons net gaan na Matthéüs 10:1, en uitvind, net 'n oomblik. Kyk wat Jesus gesê het toe Hy Sy Kerk verordineer het en Dit begin het.

> *En* toe . . . *Hy Sy twaalf dissipels na Hom geroep en aan hulle mag gegee oor onrein geeste, om* uit *te dryf, om hulle uit te dryf, en om elke* siektes *en elke kwaal te genees*. (Die eerste opdrag aan Sy Kerk.)

112 Die laaste opdrag: "Gaan in die hele wêreld in, preek die Evangelie. Hy wat glo, word gedoop." Laat my Dit aanhaal, die manier wat Dit behoort te wees, die manier waarop Dit uiteengesit word. "Gaan in die hele wêreld in, en na elke nasie, en demonstreer die krag van die Heilige Gees. Hy wat Hieraan glo en gedoop word, sal gered word. Hy wat Dit ontken, sal verlore gaan. Hierdie tekens sal hulle wat glo, volg: hulle sal hulle hande op die siekes lê, hulle sal gesond word; hulle sal duiwels uitdryf; hulle sal met nuwe tale praat. Hierdie sal die tekens wees wat volg." Die laaste vers het gesê:

> *En hulle het teruggekeer . . . die Here het saamgewerk en* Sy *Woord bevestig deur die tekens wat daarop gevolg het.*

113 Dis hoe die eerste Kerk was. En, luister, Jesus het gesê: "Ek is die Wingerdstok, julle is die lote." En as die loot 'n wingerdstok voortbring, en daardie wingerdstok dra druiwe, die volgende loot wat voortkom, sal dit dra net soos die eerste loot het.

114 O, julle sê: "Broer Branham, maar, wel, kyk na al hierdie kerke." Dis *ingeënte* wingerdstokke.

Nou, jy kan sitrusvrugte inent. Jy kan 'n lemoenboom neem en 'n suurlemoen daarop sit en dit sal groei. Dis wat julle mense ingeënt het. En hierdie organisasies is wat mense ingeënt het. Dis 'n suurlemoen, die heeltyd. Dit sal groei omdat dit uitgesteek is in die kerknaam. Maar, laat ek julle vertel, as daardie boom ooit weer 'n ander tak voortbring, self, sal dit 'n lemoen dra.

En as die krag van God ooit weer nog 'n Kerk voortbring, sal dit nog 'n pinkster wees. En nog 'n boek van handelinge sal Daaragter geskryf word, dis reg, want Dit is die Kerk van God.

115 Jesus het gesê: "Ek is die Wingerdstok. Julle is die lote. Julle kan nie vrug dra in julself nie, maar Ek gooi My Eie Self in die loot in." En watter soort van 'n vrug het Dit gedra? "Hierdie tekens sal hulle wat geglo het, volg."

116 Die tweede Kerk wat opkom, die mistieke Liggaam van Christus, sal dieselfde tekens hê. "'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien, want Ek sal met julle wees, selfs in julle, in elke loot, tot aan die einde van die wêreld," Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Dis die Kerk

van die lewende God. Dis Wie Dit is. Dis die soort van 'n getuies wat Hy het.

117 Nou, ook, die Kerk moet doop onderrig. Dit moet gedoop word. Dit was die opdrag. Jesus het gesê hier, in Markus 16. Ons sal dit net gebruik. "Hy wat glo en gedoop word." Glo, eers, en word dan gedoop tot die vergewing van jou sondes, en jy sal die gawe van die Heilige Gees ontvang."

118 "En die Heilige Gees sal ook oor julle kom," sal 'n lering van die Kerk wees. Want, Jesus het gesê, in Lukas 24:49. Ons is baie naby daaraan, so laat ons net soontoe blaai, net 'n sekonde, die 49ste vers hier. Ons lees die 46ste en 47ste. Kyk na die 49ste.

> *En kyk, Ek stuur die belofte van My Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly,* of wag (*bly* beteken "wag"), *totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte.*

119 As Christus nie 'n klomp manne wou toelaat, wat met Hom gewandel het vir drie—en—'n—half jaar, om enige Evangelie te preek, of enige Evangelie kon preek, totdat hulle gewag het vir die Heilige Gees nie, moet die Kerk vandag dieselfde ding doen. Wag vir die Heilige Gees.

120 Ek het gepraat met 'n Katolieke dame, hier nie lank gelede nie, in Oregon, en sy het gesê: "Wel, bedoel jy om vir my te sê dat daardie klomp idiote daaronder, waar jy gepreek het, en geskree en gehuil het, aangegaan het soos daardie, bedoel jy hulle gaan in die Hemel wees, en in die Hemel regeer?"

Ek het gesê: "Ja, dame."

Sy het gesê: "Wel, ons glo nie in sulke goed nie."

Ek het gesê: "Omdat jy nie die Woord van God glo nie."

En sy het gesê: "Ons glo dat Maria vir ons intree."

Ek het gesê: "Dis absoluut heidens."

121 Sy was nooit 'n godin nie. Sy is 'n vrou. "Moeder van God," hoe kon God 'n moeder hê? "Begroet Maria, moeder van God," hoe kon God 'n moeder hê? Sy het die Seun van God, Jesus Christus gedra. Geen vrou is 'n skepper nie. Sy hou die saad van 'n man. Die man is nie 'n skepper nie. God skep die lewe. Dis net 'n roetine van—van orde, wat God gestel het, om kinders te bring. Sy, geen moeder van God nie. God kan nie 'n moeder hê nie, want Hy het geen begin van dae gehad of einde van lewe nie. Hy is Ewig. Sy kan nie 'n moeder van God wees nie.

122 Ek het gesê: "Wat as ek jou sou sê dat jou geseënde maagd, waarna jy kyk as 'n godin, wat as ek jou sou sê dat God haar nie na die Hemel toe wou laat kom, totdat sy opgetree het soos daardie mense gisteraand nie?

Sy het gesê: "Dis nie reg nie."

123 Ek het gesê: "Het jy my gesê die Katolieke kerk het die Bybel geskryf, die apostels, en jy het gesê hulle was Katoliek? Ek daag dit uit. Daar was geen Katolieke kerk vir driehonderd jaar tot na die dood van die laaste apostel, tot na die Niceense Raad nie. Wys my bladsy van geskiedenis, enigiets wat jy wil; nie jou katagisme nie, want dit stem nie ooreen met geskiedenis nie. Daar was nooit so 'n ding nie. "Maar ek het gesê: "Die Maria . . . Die Bybel het gesê dat Maria, die moeder van Jesus, en die res van die vroue, met 'n honderd—en— twintig, almal moes daardie trappe opklim na die bo—kamer, en gevul word met die Heilige Gees totdat hulle gesteier het asof hulle dronk was, gepraat het in tale, en opgetree het soos 'n klomp dronkaards. Dis wat die Bybel gesê het." Ek het my vinger op die vers gesit. Ek het gesê: "Lees Dit."

Sy het gesê: "Ek wil Dit nie lees nie. Ek is nie veronderstel om Dit te lees nie."

124 Ek het gesê: "Jy's nie eerlik nie. Hier is waar maagd Maria die Heilige Gees ontvang het, en in tale gepraat het, en soos 'n dronk vrou gesteier het. Nou, as jy wil Hemel toe gaan, kan jy nie saam met haar gaan nie, want sy moes die Heilige Gees ontvang. En as sy dit moes doen, as die moeder van Jesus Christus, hoeveel te meer het jy dit nodig!"

125 Sy het gesê: "As ek moes Hemel toe gaan met enigiets soos daardie, sou ek nie Hemel toe wou gaan nie."

126 Ek het gesê: "Jy het nie veel om oor te bekommer nie. Dink nie jy gaan, in elk geval, soos daardie nie, behalwe as jy verander. Dink nie jy het veel om oor gepla te wees nie." Dis presies God se Gees.

127 "Nou, jy is 'n getuie van My, na die Heilige Gees op jou gekom het." Nou, wat is hierdie nou? Wat sê ons? Wat is Dit? Wie het Dit tot stand gebring? En wat is Sy Boodskap? Nou, om op te skud, om net 'n klein bietjie verder aan te gaan.

128 Die vierde ding. Hoe word ons 'n lidmaat Daarvan? "Hoe sluit ons Daarby aan? Ons sien wat Dit is, wat nou? Hoe sluit ons by hierdie Kerk aan?" Jy sluit nie Daarby aan nie. Jy kan nie Daarby aansluit nie. Daar is geen manier om Daarby aan te sluit nie. Jy word Daarin gebore. Ek is saam met die Branham familie, een—en—vyftig jaar, en het nooit by die familie aangesluit nie. Ek is 'n Branham gebore. En jy word gebore, 'n seun van God, of 'n dogter van God.

129 Laat ons Johannes neem, die 3de hoofstuk, net 'n oomblik, en net kyk wat God hier Daarvan gesê het. Hoe kom ons in hierdie Kerk in? Wat is die aanbod wat God jou bied? Johannes, die 3de hoofstuk, 1 tot 8.

> *En daar was 'n man uit die Farriseërs met die naam Nikodémus, 'n owerste van die* Jood.

Hy het in die nag na Jesus gekom en vir Hom gesê: Rabbi, ons weet. . . U 'n leraar is wat van God gekom het, . . . niemand kan die *tekens doen wat U doen as God nie met hom is nie.*

Jesus antwoord en sê vir hom: . . . voorwaar, Ek sê vir jou, as iemand nie wedergebore word nie, . . .

. . . voorwaar, Ek sê vir jou, as iemand nie wedergebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.

130 Hoe kom jy Daarin? Word Daarin gebore. Laat ons die vraag verder lees.

Nikodémus sê vir Hom: Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? . . .

Sien daardie, vleeslik, 'n leraar, 'n groot man, 'n priester, bejaard, die Bybel sy hele lewe lank gelees.

. . . Hy kan tog nie die tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie?

Nou, is dit nie soos party van hierdie intellektuele leraars wat jy vandag hoor nie?

Jesus het *geantwoord* en vir hom gesê: . . . *voorwaar, Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water . . .* (Hoe kom ons Daarin?) . . . *uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.*

131 "Behalwe as hy Daarby aansluit nie"? Jy kan nie Daarby aansluit nie. Jy moet Daarin gebore word. Nie "kom en aansluit" nie. Kom en gebore!

Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees.

Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet wedergebore word nie.

Die wind waai waar hy wil, . . . jy kan nie *die klank daarvan* onderskei nie, *maar jy weet nie van waar hy kom* of *waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is.*

132 Sien, jy sluit nie Daarby aan nie. Dis 'n misterieuse ding. Jy word gebore in die mistieke Liggaam van Christus in. Dis hoe jy Daarin kom.

Eerste Korinthiërs, 12de hoofstuk. Laat ons net 'n bietjie verder gaan. Ons het net nog 'n paar. Ek wil probeer om dit uit te kry as ek moontlik kan. As julle net . . . Ek weet dis warm, maar laat ons hier begin, net 'n oomblik. Eerste Korinthiërs, die 12de hoofstuk, die 13de vers.

"Want deur een handskud, deur een gelofte. Ek belowe om te glo in die groot heilige Roomse kerk. Kom, skud my hande. Sit jou naam op die boek. Deur een brief, kom per brief"? Jy mag dit

in die Ou Dames se Verjaardag Almanak lees, maar jy lees dit nie in God se Bybel nie. Ja, meneer. Ja.

> *Want ons is almal ook deur een Gees* (aangesluit, opgeteken?) *gedoop tot* (een organisasie?) *een Liggaam,* wat die Liggaam van Christus is, *of ons Jode of Heidene is, slawe of vrymanne; en ons is* deur—. . . *almal van een Gees deurdronge.*

133 Nie Metodiste gees, Baptiste gees, Pinkstergees nie. Maar: "Deur een Heilige Gees is ons almal gedoop in hierdie Fontein gevul met Bloed."

> Vloeiend uit Emmanuel's are,
> Waar sondaars gedoop onder die vloed,
> Al hulle skuldvlekke verloor.
>
> Die sterwende dief was verheug om te sien,
> Daardie Fontein in sy dag;
> Daar mag ek, ook vuil soos hy,
> Al my sondes wegwas.

134 Een Liggaam! Hoe kom ons in daardie Liggaam in? Hoe kom ons Daarin? "Deur een Gees word ons gedoop in een Liggaam." En wanneer in daardie Liggaam, vry, waarborg van opstanding: "God het die ongeregtigheid van ons almal op Hom geplaas." Nie deur "een handskud" nie, nie "een kerkbrief" nie. Maar: "Deur een Heilige Gees; Jood, Heiden, geel, swart, wit, is almal gedoop deur een Gees in daardie een Liggaam, deur die Bloed van Sy Eie verbond." "En wanneer Ek die Bloed sien, sal Ek by jou verbygaan," en is vry van dood, vry van pyn, vry van sonde. "Hy wat gebore is uit God, doen nie sonde nie, want die Saad van God bly in hom en hy kan nie sondig nie." Geen sonde nie.

"Wees julle daarom volmaak, selfs soos julle Hemelse Vader volmaak is," het Jesus gesê. Hoe kan jy perfek wees? Jy kan dit nie doen nie. Jy was gebore in sonde, gevorm in ongeregtigheid, in die wêreld ingekom en leuens gespreek. Maar toe jy Christus aanvaar het as jou sonde—draer, toe jy Hom aanvaar het deur geloof, jy geglo het dat Hy jou gered het, en Hy gesterf het in jou plek en jou sondes geneem het, dan aanvaar God jou en doop jou in die Liggaam en kan geen sonde meer sien nie. Hoe kan ek 'n sondaar wees wanneer daar 'n—'n versoening vir my op die altaar is?

135 Hoe kan 'n polisieman my arresteer in die stad, wanneer die stad ordinansies my die regte gee om teen enige spoed te ry wat ek wil? Jy kan my nie arresteer nie. As die burgemeester sê: "Eerw. Branham, jy gaan op siekte oproepe. Doen enige spoed wat jy wil, in enige sone," gee my 'n brief van aanbeveling daarvan, geen polisieman kan my inneem nie. Want die burgemeester het vertroue in my gestel, dat ek dit nie sou doen behalwe as dit op 'n noodgeval was nie.

136 En toe God my aanvaar het en my gedoop het met die Heilige Gees, dat ek nie opsetlik sou sondig nie. Amen. Ek sou nie opsetlik sondig nie. Daarom, Sy Seun het 'n versoening vir my gemaak, en ek kan nie 'n sondaar wees solank as wat ek geregverdig is en Hy my in Sy Liggaam ingeneem het nie. Ek is verlos saam met Hom. Nie wat ek doen nie, maar wat Hy vir my gedoen het. Dis die Evangelie.

137 Efésiërs 4:30 sê: "Bedroef nie die Heilige Gees van God waarmee julle verseël is tot die Dag van julle Verlossing nie."

138 Beroemde Baptiste prediker het vir my gesê, nie lank gelede nie, gesê: "Broer Branham, Abraham het God geglo en dit was hom tot geregtigheid gereken. Wat meer kon hy doen behalwe God glo?" Hy het gesê: "Ons glo ons ontvang die Heilige Gees wanneer ons glo."

139 Ek het gesê: "Maar jy's verkeerd. Jy's eerlikwaar verkeerd. Paulus het gesê, in Handelinge 19, aan daardie Baptiste wat 'n goeie pastoor daarbo gehad het, 'n bekeerde advokaat: 'Het julle die Heilige Gees ontvang sedert julle geglo het?'"

Hy het gesê: "Die oorspronklike sê dit nie."

140 Ek het gesê: "Dit sê dit wel. Ek het die Emfatiese Diaglott. En dit sê dit wel, in elke vertaling, beide Grieks en Hebreeus. Hy het gesê: 'Het julle die Heilige Gees ontvang sedert julle geglo het.'" Ek het gesê: "Abraham het geglo, dit was waar. Maar God het hom 'n teken gegee dat Hy sy geloof aanvaar het, deur hom die seël van besnydenis te gee." Dis reg, want Hy het hom 'n teken gegee dat Hy hom aanvaar het.

141 As jy sê jy glo, en nog nie die Heilige Gees ontvang het nie, het God jou nog nie verseël nie, het nie genoeg vertroue gehad om jou al te vertrou nie. Wanneer jy na God toe kom, verseël God jou met die Heilige Gees, tot die Dag van jou Verlossing. En dis die Boodskap van die Kerk. Amen. Net 'n bietjie verder. Goed. Nou, Eerste Korinthiërs 12:13: "Deur een Gees is ons almal gedoop in een Liggaam."

142 Handelinge, hier's hoe ons ingaan. Hier's die begin van die Kerk, Handelinge, die 2de hoofstuk. Toe die eerste boodskap gepreek was aan die Kerk, na die Pinksterdag, is hulle almal vervul met die Heilige Gees. Maria, al die apostels, is almal gevul met die Heilige Gees, gepraat in tale, en net aangegaan soos 'n klomp dronk mense. En toe hulle net 'n vreeslike tyd gehad het, net geskree en God geprys het, en onder die impak van die Heilige Gees gesteier het. Hulle het nie omgegee of dit Sondag, Maandag was, watter dag dit was nie. Hulle het 'n groot tyd gehad, net geskree en aangegaan. Tog, die—die groot intellektuele mense het gesê: "Hierdie mense is dronk van nuwe wyn."

143 Nou, hier staan Petrus met die sleutels tot die Koninkryk, aan sy sy, die sleutels tot die Heilige Gees. Jesus het gesê: "Ek sê jy is Petrus. Op hierdie rots sal Ek My Kerk bou, en die

poorte van die doderyk sal Dit nie oorweldig nie." Wat is dit? 'n Geestelik, geopenbaarde Waarheid. "Vlees en bloed het Dit nie aan jou geopenbaar nie. Jy het Dit nie in 'n kweekskool geleer nie. Iemand het Dit nie vir jou geleer, uit boeke nie. Maar, julle sien, Dis 'n openbaring. Openbaring! Ek sê dat jy Petrus is. Ek gee vir jou die sleutels van die Koninkryk. Wat jy ook al bind op aarde, sal Ek bind in die Hemel. Wat jy ook al losmaak op aarde, dit sal Ek losmaak in die Hemel." Hy moet Sy Woord hou. Op die Pinksterdag, was wie die spreker? Petrus, want hy het die sleutels gehad.

144 En hulle het vir hom gelag, gesê: "Hierdie manne is vol nuwe wyn."

145 Petrus het gesê: "Hierdie is die derde uur van die dag, hulle is nie vol nuwe wyn nie. Maar dit is Daardie waarvan Joël, die profeet gespreek het: 'Dit sal gebeur in die laaste dae, sê God, dat Ek van My Gees op alle vlees sal uitstort. Julle seuns en dogters sal profeteer. Op my diensmaagde en diensmeisies sal Ek van My Gees uitstort. Julle jongmanne sal visioene sien. Julle ou manne sal drome droom. En, ja, Ek sal tekens wys bo in die Hemele en onder op die aarde. Dit sal gebeur dat wie ook al die Naam van die Here aanroep, sal gered word.'"

146 "Toe hulle dit gehoor het, is hulle in hulle harte diep getref, en het vir Petrus en die res van die apostels gesê: 'Manne en broeders, wat moet ons doen om gered te word?'" Hier's die opdrag van die Kerk. Nou wil hulle uitvind hoe jy in hierdie mistieke Liggaam inkom. Goed.

147 Handelinge, die 2de hoofstuk, vanaf die 37ste vers, die inhuldigingspreek. Jy kan Dit nie verander nie. Jy kan Dit nie verander nie. Luister.

148 As jou dokter vir jou 'n voorskrif geskryf het, en jy het dit na die apteek geneem, na 'n kwakapteker, jy weet, hy kon jou doodmaak met daardie voorskrif. Jy sien, die dokter skryf soveel daarin, omdat hy opgelei is om dit te doen. En hy skryf vir jou soveel gif, en hy sit 'n teengif daarin, om soveel van daardie gif dood te maak. Hy moet iets sit om die ander medisyne teen te werk. En as daardie voorskrif nie presies gevul word soos die dokter dit geskryf het nie, sal dit jou doodmaak.

149 En, daardie, God is die Dokter. Hy's 'n Dokter van die siel. Hy's 'n Dokter van verlossing. En Hy het 'n man onderrig in Sy Eie Teologie, Petrus, 'n ongeleerde man, wat nie eens sy naam kon lees toe dit voor hom geskryf was nie. Maar Hy het vir hom die Heilige Gees gegee, en hom die potlood gegee om die Doktriene te skryf oor. So, op die Pinksterdag, het hy die Voorskrif uitgeskryf. Kom ons kyk wat hy geskryf het. Dr. Simon Petrus, laat ons kyk wat jou Voorskrif is vir verlossing. Kom ons kyk waarvoor Dit uitgeskryf was.

Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die harte *getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders?*

(Kyk, jy het die sleutels.) *En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sonde, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.*

Want die belofte kom julle toe en julle kinders, . . . aan hulle *wat daar ver is, dié wat die Here onse God na Hom sal roep.*

150 Dis die Voorskrif. Moet Dit nie opdokter nie; julle sal julle pasiënt doodmaak. Dis wat die probleem is met 'n klomp van hierdie mense wat hierdie: "Vader, Seun, en Heilige Gees," praat. Hulle maak 'n klomp geestelike mense dood, gedokter met die verkeerde ding. Daar's glad nie so 'n ding nie. Niemand het ooit gedoop, naam van "Vader, Seun, Heilige Gees," in die Bybel nie. Daar was nooit so 'n seremonie ooit gesê tot by die Katolieke kerk nie. Die Katolieke kerk is die moeder daarvan. Ondersoek die Skrifte. Ondersoek die geskiedenis en vind uit. Die eerste orde wat ooit gedoen was deur "Vader, Seun, en Heilige Gees," was 'n Katolieke priester.

151 Hulle besprinkel hulle. Besprinkeling was verordineer deur die Katolieke kerk: "MOEDER VAN HOERE." Kom reguit af na "die hoer."

152 Dit sê in die katagisme: "Is daar 'n ding soos 'n Protestant wat ooit gered is?" Gesê: "Partymaal, natuurlik, omdat hulle die—die Katolieke doktriene erken." Hulle sal nie hulle Bybel neem nie. Hulle doop, naam van "Vader, Seun, en Heilige Gees," en hulle het geen Skrif daarvoor nie. Gesê: "Maar die Katolieke kerk het dit begin." En hulle erken dit. "Deur die Katolieke ordes, mag daar sommige gered word." Glad nie so iets nie. Niemand het ooit so gedoop nie. Niemand het ooit besprinkel, in die Bybel, oorgegooi, of enige ander manier nie.

153 Maar, onderdompel in die water, in die Naam van Jesus Christus, vir die vergewing van sonde. Wat het ons 'n rukkie gelede gelees, en julle gesê, gaan later daarby kom? Dat: "Bekering en vergewing van sonde moet gepreek word in Sy Naam." Tot waar? Net aan Jerusalem, aan die Jode? "Aan alle nasies, die hele wêreld, vanaf Jerusalem." Nou, Dr. Simon Petrus het die Voorskrif uitgeskryf.

154 Wat van julle, dokters, probeer julle iets Daarby sit? Moet niks Daarby voeg nie. Neem Dit op die manier wat Dit is. Dis die opdrag van die Kerk. Dis hoe jy Daarin kom: "Deur te bekeer, en gedoop te word in die Naam van Jesus Christus, vir die vergewing van jou sonde, en 'n belofte dat jy die Heilige Gees sal ontvang." Nou, dis wat die Bybel gesê het: "Gedoop in die Kerk! Gedoop in die Kerk!"

155 Laat ons Galasiërs 3:26 lees, net 'n oomblik. Ons het nie meer as net een, twee, drie dinge hier nie, dan sal ons—ons moet afsluit. Nou laat ons hier oorkant in Galasiërs lees, die 3de hoofstuk. As enigiemand dit voor my kry, lees dit. ['n Suster begin Galasiërs 3:26 lees: "Want julle is almal kinders . . ."—Red.] Gaan voort. ["Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Jesus Christus."] Galasiërs 3:26? ["Ek het dit gelees."]

Miskien het ek dit dan verkeerd gelees hier. Mag Kolossense wees. Laat ons Kolossense lees. Ek—ek het geweet waarnatoe ek oppad is. Laat ons sien of dit Kolossense 3:26 is. Nee. Daar is geen 3:26 nie.

Wat is daardie nou, Galasiërs 3:26? [Die suster sê: "Ja."—Red.] Hier, hier het ek dit. Dis reg. Lees aan, suster, Galasiërs 3:26, siende dat jy begin het. Hier is dit, 26, 27, en 28. Nou luister goed. [Die suster lees Galasiërs 3:26—28, soos volg.]

> *Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Jesus Christus;*
>
> *want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee.*
>
> *Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus.*

156 Hoe kom ons in hierdie Liggaam in? Hoe het ons dit gedoen? "Gedoop deur die Heilige Gees in die Liggaam van Christus Jesus in."

157 Nou, nog 'n ding wat die Kerk Boodskap is, hoe ons in die Kerk inkom, is deur heiligmaking. En heiligmaking, Hebreërs 13:12 en 13: "Jesus het buitekant die poorte gely, dat Hy die volk mag heilig met Sy Eie Bloed."

158 Nou, Efésiërs, laat ons hiernatoe gaan. Ons moet daardie een lees. Efésiërs 5:25, sommer vinnig nou. Efésiërs 5:25. Goed. Hier is ons, 5:25. Nou, ek het steeds die verkeerde ding. Ek het dit nie reg hier neergeskryf nie. Laat ons sien. "Daarom, predikers en priesters . . ." O, ja. Ek het dit neergeskryf, baie vinnig, 'n tydjie gelede, so ek moes die verkeerde gekry het . . . O, ek het die verkeerde bladsy. Ja. Amen. Ja. Goed.

159 Hebreërs 12 en 13: "Jesus het gely buitekant die poorte, dat Hy die volk mag heilig met Sy Eie Bloed."

160 Daarom, mense, hier's hoe ons kom saam met die Kerk: deur bekering; gedoop te word in die Naam van Jesus Christus vir die vergewing van ons sondes; en 'n belofte dat ons die doop van die Heilige Gees sal ontvang. Daarom, daar is geen prediker wat ons Daarin kan skud nie. Daar is geen priester wat ons kan Daarin kan sit met 'n eed nie. Maar ons word Daarin gebore, deur die Koning van die Messiaanse Koninkryk. Amen.

161 Nou, net hierdie, kan ek nog hierdie een kry? Hier is waar ek gehad het. Hoeveel sal net 'n paar minute langer by my bly? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sien? Net 'n. . . Dis nege—dertig, en verby die tyd.

162 Nou, kan ons Hemel toe gaan sonder die Kerk? Net 'n paar opmerkings hieroor neem, want ek het 'n dosyn hier neergeskryf, soos julle sien. Maar ek—ek. . . net een ding, dat ons mag weet. Nee, meneer. Jy kan nie Hemel toe gaan sonder om 'n lid van hierdie Kerk te wees nie.

163 Nou, eerste ding, in Johannes 3:5, het Jesus gesê: "As iemand nie gebore word uit water, en uit Gees nie!" ("Bekeer, en word gedoop, die Naam van Jesus Christus, vir die vergewing van sondes, en julle sal dan gebore word uit die Gees.") Gebore uit die water, gebore uit die Gees! "As 'n man nie Dit kry nie, kan hy nie in die Koninkryk van die Hemel ingaan nie." Hy kan nie eers die Koninkryk van die Hemel sien nie. Dan as jy gebore is uit water en Gees, is jy in die Kerk. As jy nie gebore is uit water en Gees nie, is jy nie in die Kerk nie, en kan die Koninkryk van die Hemel nie sien nie. Maak dit sin vir julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dis net presies reg. Nou, het julle geweet. . .

164 Julle sê: "Wel, Broer Branham, ek glo," wel, luister: "en ek het nooit die Heilige Gees ontvang nie." Nee, jy glo nog nie. Jy glo net *aan* geloof. Jy het hoop.

Want, in Eerste Korinthiërs, die 12de hoofstuk, en die 3de vers. Laat ons daardie net vinnig gryp terwyl ons daar naby is, as julle wil. Eerste Korinthiërs 12, die 12de hoofstuk en die 3de vers. En ons sal daardie net baie vinnig kry, en—en hierdie hier lees, en kyk wat die Here Hierin het vir ons. Eerste Korinthiërs 12, goed, en die 3de vers.

> *Daarom maak Ek julle bekend dat niemand wat deur die Gees van God spreek, Jesus 'n vervloeking noem nie; en niemand kan sê. . . Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees nie.*

165 Jy weet niks Daarvan totdat jy die Heilige Gees ontvang nie. Jy sê: "Ek aanvaar Jesus Christus as my persoonlike Verlosser." Het jy die Heilige Gees ontvang sedert jy geglo het? As jy nie het nie, kan jy Hom nie eens die Here noem nie, want Hy is nie Here nie. Hy's 'n historiese Wese wat jy, deur geloof, aanvaar het. Maar wanneer Hy in jou ingekom het, deur die Heilige Gees, is Hy jou Here. Niemand kan Jesus: "Here" noem nie, slegs deur die Heilige Gees; totdat jy gebore is uit die Gees van God, en die Heilige Gees in jou is. Dan, as jy is, is jy gebore in hierdie Koninkryk in, en is jy deel van die Kerk. Julle is die Uitgeroepenes, dan. Sien julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed, nou.

166 Kan lewe uit 'n mielie kom, behalwe as daardie mielie lewe daarin het? As 'n mieliepit in die grond gesit word, een is

ontkiem, en die ander een is nie ontkiem nie. Die een wat nie ontkiem is nie, kan dit weer lewe? [Gemeente sê: "Nee."—Red.] Nie op enige manier nie. Daar is niks daarin nie. Hoewel, materieel, sal dit net so 'n goeie, net so 'n goeie graanvlokkies maak as wat die ander een sal. Dit sal net sulke goeie mieliebrood maak as wat die ander een sal. Dit sal net so goed op die rak lyk as wat die ander een sal. Maar as dit nie lewe daarin het nie, kan dit nie weer opkom nie.

167 'n Man wat 'n goeie man is, kan net so 'n goeie kerklidmaat as 'n Christen wees. 'n Man wat 'n goeie man is, kan net so 'n goeie burger wees as 'n Christen; 'n goeie man, morele man. Maar wanneer hy doodgaan, is dit klaar, behalwe as hy wedergebore is uit die Gees van God. Want, alles wat 'n begin gehad het, het 'n einde.

168 God is die enigste ding wat Ewig is. Daarom, ons is 'n deel van God, deur Sy Lewe te ontvang. Jesus het gesê: "Ek gee aan hulle die Ewige Lewe." Die Griekse woord daar is *Zoe*, beteken "God se Eie Lewe." En die enigste manier wat jy ooit weer kan lewe, is om die Ewige Lewe te hê, wat God se Lewe is, want jou lewe sal vergaan. Maar Sy Lewe sal weer opgerig word, want God is Ewig. En jy het Ewige Lewe, en kan . . . min sterf as wat God kan sterf. "Hy wat in My glo, het die Ewige Lewe, en Ek sal hom oprig op die laaste dag, hom weer oprig." Die Ewige Lewe wat in hom is, sal hom oprig.

169 Nou, kan ons in die Hemel kom sonder om in die Kerk te wees? Jy kan nie in die Kerk wees totdat jy wedergebore is nie. Jy kan nie Hemel toe gaan totdat jy wedergebore is nie. As jy wedergebore is, is jy in die Kerk. So jy kan nie Hemel toe gaan voordat jy 'n lidmaat van hierdie Kerk is nie, en jy kan nie 'n lidmaat wees totdat jy Daarin gebore is nie.

170 En nou laat ek julle 'n bietjie versmoor. En jy kan nie 'n lidmaat wees behalwe as God jou geroep het om 'n lidmaat te wees nie. Nou, hoe bly behoort jy nie daarvoor te wees nie, want jy is voorbestem voor die grondlegging van die wêreld. En jou naam . . . " Sjoe! "Julle name is geskryf in die Lam se Boek van die Lewe," die Kerk Boek: "voor die grondlegging van die wêreld." Dis die Bybel.

Die Bybel het gesê: "Die anti—Chris," die organisasies, die Katolieke kerk saam met die res die organ'asies, organisasies, "sal almal op die aarde mislei, wie se name nie geskryf is in die Lam se Boek van die Lewe voor die grondlegging van die wêreld nie."

Jesus het gesê: "Almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom." Dis Sy Eie Woord. Nie wat jy gedoen het nie, maar wat Hy gedoen het.

171 Laat ons dit afhandel, 'n oomblik. Laat ons blaai na Efésiërs, die 1ste hoofstuk, sommer gou. Luister hierna. Hierdie is Paulus.

Nou, hy moes aangaan na volmaaktheid met hierdie Kerk. Paulus rig hierdie aan Christene. Hoeveel Christene is hierbinne? Laat ons julle hand sien. [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed. Hierdie is nou nie vir babas nie. Hierdie is—hierdie is aan hulle wat vleis kan eet. Nou, die 1ste hoofstuk, kyk aan wie Hy Dit rig.

> *Paulus, 'n apostel van Jesus Christus deur die wil van God,* . . . (nie deur die ordinasie van die biskop nie, nie deur die organisasie nie).
>
> . . . *'n apostel* (een wat gestuur is) *deur die wil van God, aan die heiliges* (dis die geheiligdes, of heiliges) *wat in Efése is, en die gelowiges in Christus Jesus:*

172 Aan wie rig hy dit? Aan diegene wat alreeds in die Kerk is. Wanneer jy in Christus is, is jy in Sy Liggaam. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dan is julle lidmate van die Kerk.

> *Genade vir julle en vrede van God, onse Vader, en die Here Jesus Christus!*
>
> *Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die Hemele in Christus* Jesus,

173 Hoe het Hy dit gedoen? Wat het Hy dit gedoen? Hulle het die Jordaan bereik. Hulle het oorgegaan in die beloofde Land, en hulle het gesit in Hemelse plekke in Christus Jesus. Hier is dit. "Ons saam geseën het met Hemelse seëninge," die lering van die Woord, as die Kerk, die Uitgeroepenes wat in Christus Jesus is. "Soos ons saam sit in Hemelse plekke," soos die Kerk, wanneer ons gebore word in Christus Jesus. "Die geheiligde, Uitgeroepenes," o, goeiste, iemand vir wie Hy iets kan leer. Het soveel probleme gehad met die Korinthiërs, maar nie hierdie Kerk nie. Hy kon hulle, groot dinge leer. Goed.

> *Geseënd is die God en Vader van ons Here Jesus Christus, wat ons geseën het met alle* . . . (Onthou my laaste twee Boodskappe?) . . . *alle geestelike seëninge in die Hemele in Christus,*
>
> *soos* . . .

Luister. Laat hierdie julle nou skok.

> *Soos Hy ons in Hom uitverkies het* (verlede tyd) . . .

"By die laaste herlewing"? Het ek dit reg gelees? [Gemeente sê: "Nee."—Red.]

> *Soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld,* voor die *wêreld,* . . . (Kyk hier.) . . . *voor die grondlegging van die wêreld, om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees,*
>
> *deurdat Hy ons* v—o—o—r—b—e—s—k—i—k *het* . . .

174 Wat het ons gedoen? Niks. Wat Hy gedoen het, is waarna ek kyk. Wat het Hy gedoen? Ons gekies, ons name op Sy Boek gesit,

op Sy Kerk Boek, om 'n lidmaat van hierdie mistieke Liggaam te wees, voor die wêreld ooit begin het.

> *Deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as Sy kinders vir Homself aan te neem, deur Jesus Christus, na* Sy Eie *welbehae van sy wil,*

175 Sjoe! Jy moet in daardie Kerk wees, broer, as jy dit maak, want Hy kom vir 'n Kerk. Watter soort van 'n kerk? "'n Kerk wat sonder vlek, of sonder rimpel is." Hoe kan ons dit wees? Deur dood te wees in Christus, gedoop deur die Heilige Gees, in Sy mistieke Liggaam in, en 'n Bloedversoening van die Seun van God wat daar lê vir ons elke uur van die dag. "Onskuldig bevind," dis die Kerk: "sonder vlek, of sonder rimpel." Hy het ons uitverkies in Hom, en ons name op Sy Boek gesit.

Die Bybel het gesê, dat: "Jesus Christus was die Lam geslag . . ." Negentienhonderd jaar gelede? Hoe ver? "Die Lam geslag van die grondlegging van die wêreld af."

176 Toe: "God," in die Bybel, die woord in Génesis, Génesis 1. Gesê: "In die begin God . . ." Neem daardie Naam *God* in die Hebreeus, en kyk wat dit beteken. Dit word gespel *El, Elah, Elohim,* wat beteken "die alles, selfbestaande Een, die algenoegsame Een, die sterk Een." Daar was niks voor Dit nie. Daar was geen lug nie. Daar was geen sterre nie. Daar was geen vog nie. Daar was geen—daar was geen atmosfeer nie. Daar was geen atome nie. Daar was geen molekule nie. Daar was niks voor Dit nie. Dit was God, die Ewige Een. En in Hom was eienskappe, om 'n Verlosser te wees, om 'n Vader te wees, om God te wees. Daar, Hy was nie God toé nie. Hy was—Hy was God, maar daar was niks anders nie, geen aanbidding nie. So, *God* is "'n voorwerp van aanbidding," en daar was niks om Hom te aanbid nie. So daar was eienskappe in Hom om dit te wees, om 'n Verlosser te wees, om 'n geneesheer te wees, om al hierdie dinge te wees wat Hy is.

177 So, die eerste ding wat Hy geskep het. Nou, party van julle wil weet van my Génesis storie. God het gesê: "Laat ons die mens maak." Die eerste ding wat Hy geskep het, was Engele, om Hom te aanbid, toe het Hy God geword. Toe toe Hy gesê het: "Laat ons die mens maak na ons Eie beeld," watter soort van 'n mens het Hy gemaak? Geesmens. Toe, toe Hy daardie mens gemaak het, het Hy hom beheer gegee. Toe het Hy die mens uit die stof van die aarde gemaak. Toe, het hy geval; toe het Hy 'n Verlosser geword. 'n God, toe 'n Verlosser. Sonde, het siekte gebring, toe het Hy 'n geneesheer geword. Halleluja! Daar is niks wat verkeerd gaan nie. Hy het alles daarvan geweet, voor die wêreld ooit gevorm was. Hy het geweet ons sou hierdie diens hê vanaand. Hy het geweet van elke muggie wat ooit op die aarde sou wees, en hoeveel vet hy sou maak, en hoeveel hy sy oë sou knip. Hy's die oneindige God. Hy weet alle dinge. Amen. Is julle

nie bly, vanaand, dat julle naam op die Boek is nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

Wat 'n pragtige gedagte dink ek
Aangaande 'n groot gespikkelde Voël,
En hulle sê dat Haar Naam opgeteken is
Op die bladsye van God se Heilige Woord.
Al die ander voëls wat om Haar versamel,
Sy is deur hul almal verag.

178 Wat was daardie gespikkelde voël? Ek verskil met die kêrel wat gesê het Daardie was verkeerd. Wat was die gespikkelde voël van die Bybel? Dit was nie Israel, soos hulle gesê het dit was nie. Dit was die Kerk van Jesus Christus.

Vir 'n sonde offer, wat het hulle gedoen? Hulle het 'n tortelduif geneem, die kop van een afgetrek en dit onderstebo gedraai, en die bloed op die lewende maat gegooi, en die maat vrygelaat. En die maat, gesprinkel, is met die bloed van die dooie maat, het oor die aarde gegaan, en gesprinkel soos hy sy vlerke gevlieg het. En die bloed wat spat op die aarde, en skree: "Heilig, heilig, heilig, tot die Here! Heilig, heilig, heilig, tot die Here!"

179 Dit was 'n tipe van Christus. En die groot gespikkelde voël, is die Kerk, wat gespikkel is met die Bloed van Sy dooie Maat, die Verlosser, Jesus Christus. En Sy gaan oor die wêreld vandag, en klap haar vlerke, en skree: "Heilig, heilig, heilig, tot die Here!" Amen! Ek is so bly ek weet van Haar. Ek is so bly my naam is op Haar Boek, nie daar gesit deur my goedheid nie; nee, meneer, ek sou nooit Daar wees nie, of deur jou goedheid nie. Maar deur die goedheid en genade van God, voor die grondlegging van die wêreld, het ons name op Sy Boek gesit.

180 Wat is die identifikasie van die Kerk? Wat moet Sy wees? Wat was Sy? Wat is Dit? Die uitgeroepe groep.

Wie het Dit tot stand gebring? Jesus Christus. Nie 'n biskop nie, nie die Katolieke kerk nie, nie Metodiste nie, of Luther nie, nie Wesley nie. Nee, meneer. Wie het Dit tot stand gebring? Jesus Christus.

Wat is Sy Boodskap? Bekering, waterdoop, doop van die Heilige Gees, Goddelike genesing, verlossing.

Hoe word ons 'n lid Daarvan? Deur Daarin gebore te word.

Kan ons Hemel toe gaan Daarsonder? Nee, meneer. "Want hulle wat dood is in Christus sal God saam met Hom bring," en nie—nie enigiemand anders behalwe diegene wat dood is in Christus nie. Jesus kom vir diegene wat dood is in Christus. Efésiërs 4:4, hoofstuk, het gesê dat die . . . Nee. Galasiërs, glo ek is dit, die 4de hoofstuk. Gesê, dat: "Diegene wat dood is in Christus sal God saam met Hom bring. Diegene wat dood is in Christus sal God saam met Hom bring."

181 Nou, daarom, Sy is 'n uitgeroepte groep, 'n mistieke Liggaam. Christus het Dit in orde geplaas. Voor Hy gesterf het, het Hy gespreek dat Dit sou kom, Hy het gesê: "Ek sal kom en Koning wees oor hierdie Domein." "'n Klein tydjie en die wêreld sal My nie meer sien nie, tog sal julle My sien. Julle sal niks te doen hê met die koninkryk van die wêreld nie."

182 Dis die rede waarom hulle in so 'n verwarring is, naamlik "Babilon." Een: "Wel, prys God, ek's 'n Presbiteriaan. Prys God, ek's 'n Metodis. Prys God, ek's . . . "

Prys God, ek's 'n Christen. Amen. Daar's dit. Hoe weet ek ek is? "Hierdie tekens volg die gelowige." Sien? Daar is jou identifikasiekaart. Nie sê: "Wag 'n oomblik, ek dink ek het my gemeenskapskaart," nie. Nee. Ek het nie een nie. Myne is Daarbo. Ek mag hierdie een hieronder verloor. Maar Hy het vir my vertel: "Voor die wêreld begin het," het Hy my my identifikasiekaart gegee, aan elkeen wat in die Koninkryk ingekom het. Dit word in die Hemel gehou, sodat die rekords korrek is. Ek's so bly. Ek . . .

183 Iemand het gesê: "Ek het God gesoek. Ek het God gesoek." Dis teenstrydig met die Bybel. Dis God wat jou soek, nie jy wat God soek nie. God het op en af in die tuin van Eden gegaan, en geskree: "Adam, waar is jy?" Nie Adam wat skree: "God, waar is U," nie. Dit was God wat geskree het: "Adam, waar is jy?"

184 O, ek is so bly ek is 'n lidmaat van Haar. Is julle nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Ek is so bly oor hierdie groot Kerk. Ek's jammer om julle so laat te gehou het. Maar glo julle in hierdie groot Kerk? ["Amen."] Glo julle Daarin? ["Amen."] Glo julle Dis die mistieke Liggaam? ["Amen."]

185 Nou, julle Katolieke mense, die enigste ding wat julle moet doen om 'n lidmaat Daarvan te wees, is om Jesus Christus te aanvaar, en gebore te word uit die Gees. Julle Baptiste, julle Metodiste, Presbiteriane, Lutherane, wat julle ook al is, luister hier. Moenie dink ek kies kant vir die Pinksters nie. Daar is net soveel Pinkster afvalliges as wat daar enige ander kerk is. Dis presies reg. Hulle kom in net volgens naam en verklaring. Dis al. Maar, besitting, hulle het dit nie. Dis reg. Want, wanneer jy gebore word uit die Gees, word jy 'n nuwe skepsel, en God begin dan met julle deel as seuns, en jy word gelei deur die Gees van God. Maak nie saak aan watter organisasie jy behoort nie, dis geen . . . Dis net 'n klein, ou wêreldse orde, wat gaan verbygaan. Maar is jy 'n lidmaat van hierdie groot mistieke Liggaam van Christus? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Indien nie, mag jy Hom ontvang, vanaand, soos ons ons hoofde net 'n oomblik buig vir gebed.

186 Terwyl ons nou dink, sou hier sommige hier wees wat jou hand sou opsteek en sê: "God, ek steek my hand op na U, maak my 'n lidmaat van daardie Kerk, vanaand. Gee my die geboorte, dat Dit aan my behoort. Het U my geroep, Here? Dan wil ek 'n

lidmaat van daardie Kerk wees. Ek behoort aan een van hierdie aardse organisasies, maar ek het nie die ondervinding nie. Ek het nie die mag om duiwels uit te dryf en hierdie dinge te doen, soos U gesê het die gelowige sou volg nie. Ek het dit tot nog toe nie ontvang nie, Here. En U het gesê: 'Daardie tekens sal . . . ' *Sal* beteken U sal. Gee my krag, Here."

187 God seën jou. God seën jou, en jou, en jou, julle almal wat julle hande op het. God seën jou en gee jou daardie krag, om 'n lidmaat van hierdie groot Kerk te wees, die Kerk van Jesus Christus.

Iemand anders, voordat ons gebed doen? God seën jou, jong dame. God seën jou, suster. God seën jou. Ja, ek sien julle hande ver daaragter. God seën jou, hier oorkant, ek sien jou hand, seun. Sien jou hande hier, broer. Ja. God seën jou. En jou, kleintjie daar, 'n jong meisie. God seën jou.

Iemand anders, steek net jou hand op. God seën hierdie suster wat *hier* sit. "Ek wil 'n lidmaat wees. Ek wil Sy Bloed op my hê, soos ek uit die gebou uitgaan vanaand, dat ek mag uitgaan en my lewe skree: 'Heilig, tot die Here.'" God seën jou daaragter, seun. God skenk die seëninge aan jou. Iemand anders nou, steek jou hand op? Iemand anders sê: "God, wees my genadig."

As julle wil oploop na die altaar, vir 'n woord van gebed, terwyl ons hierdie lied sing.

Kom tuis, kom tuis,
Julle wat vermoeid is, kom tuis.

As jy onseker is oor jou toestand, nooi ek jou uit om te kom.

Vyf Definitiewe Identifikasies
Van Die Ware Kerk Van Die Lewende God AFR60-0911E
(Five Definite Identifications Of The True Church Of The Living God)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik in Engels gelewer op Sondagaand, 11 September, 1960, by die Branham Tabernakel, in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., was oorspronklik van die magnetiese bandopname afgeneem en onverkort deur Voice of God Recordings gedruk. Hierdie Afrikaanse vertaling was gedruk in 2006 deur:

AFRIKAANS

©2006 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org